"Jy het 'n 'dog tag' gehad om jou nek: Nommer, rang, naam, bloedgroep. En kerkverband."
- Bun Booyens oor nuwe boek Troep. Bl 6 Podsending op kerkbode.co.za.



27 September 2024 www.kerkbode.co.za ● facebook.com/kerkbode Deel 237 – Nommer 140

KERKBODE

Kerkbode **het met sy jongste storietoer gemeentes in plekke soos Stutterheim, Tarkastad en Gqeberha besoek om te kan berig oor 'n omvangryke inisiatief om eredienste meer kindervriendelik te maak, samewerkingsooreenkomste tussen gemeentes en denominasies asook die impak van nuwe bane in teologiese opleiding. Ná konsertoefening word klein Gabriella Myburgh (hierbo) deur haar oupa, ds Deon Strydom, gegroet. Strydom is leraar van die Stutterheim Verenigde Gemeente en hou ook sy lyf koster by dié Oos-Kaapse gemeente, wat saamgevoeg is uit 'n Afrikaanse NG gemeente en 'n Engelse Presbiteriaanse een. Foto: Heléne Meissenheimer**

Krimpende kinderbedienings

Gemeentes soek saam na oplossings

HELÉNE MEISSENHEIMER

Een Oos-Kaapse stadsgemeente het deesdae 'n goeie probleem … Hulle eksperiment om kwartaalliks 'n diens in die kerksaal te hou waar oud en jonk saam om tafels sit word só goed bygewoon dat daar nie altyd vir almal plek is nie.

Só vertel ds Robert-John de Kock van die NG Gemeente Nooitgedacht in Gqeberha. Die eksperiment is een van 'n paar waarmee hulle gemeente besig is om eredienste meer verwelkomende ruimtes vir kinders en hulle ouers te maak.

De Kock is een van Gqeberha se drie ringskriba's wat *Kerkbode* vandeesmaand besoek het. Ons doel is om meer uit te vind oor 'n omvangryke inisiatief in daardie deel van die wêreld wat vroeër vanjaar sowat 240 mense vanuit 24 gemeentes in die stad by 'n reeks gesprekke betrek het. Die kern van die saak? Al meer Baaise gemeentes sê: "Ons wil 'n kultuur vestig dat kinders welkom is in eredienste".

Die dryfveer agter die inisiatief is ds Danie Mouton, direkteur van die NG Kerk in Oos-Kaapland. Die doel was om meer oor elke gemeente se reis met jongmense te hoor en uit te vind hoe hulle bediening werk, het Mouton verduidelik.

Mouton benadruk die hoë bywoning en gemeentevlak-inkoop by hierdie ingryping as bewys dat krimpende kinderbedienings en min jongmense by eredienste inderdaad 'n groot probleem vir baie gemeentes is.

Groepe van 20 mense (10 per gemeente) het bymekaar gekom en leraars het gehelp om die gesprekke te lei. Ouers kon by hierdie geleenthede, byvoorbeeld, praat oor hulle vrees dat hulle jong kinders ander by eredienste sou pla. Die oplossing wat die kerk van weleer hiervoor bedink het, was om Sondagskool samelopend tot eredienste aan te bied. Maar hierdie skeiding van kinders in kinderbedienings blyk 'n fout te wees. Mouton verduidelik dat jongmense gevolglik dikwels nie deel gevoel het van eredienste nie. En ná hulle belydenis van geloof afgelê het, het vele "verdwyn". Hulle verskyn net weer met troues en doopgeleenthede, voeg Mouton by.

Waar staan sake nou? 'n Verslag is opgestel en opvolggesprekke sal binne ringsverband volg. Dinsdag 10 September was Mouton by een so 'n ringsvergadering wat 100 mense bygewoon het. Leiers soos Mouton wil die klem plaas op leerbaarheid in die algemeen. Wat minder druk op predikante sit om alleen met oplossings vorendag te kom.

PRODUKTE OM VAN TE KIES EN TE KEUR OP BYBEL-MEDIA SE NUWE AANLYN WINKEL.

Besoek gerus www.bybelmedia.org.za

Bybel-Media

Bybel-Media

Direkte bestellings: **bestel@bmedia.co.za**
Telefoon: **021 864 8210** | WhatsApp-hulplyn: **079 881 2729**
E-aankope: **www.bybelmedia.org.za**

’n Dringendheid om vir die Here te werk

Isabel Ballot gesels met sendingpioniер **dr Gawie Jordaan** (90).

“Ek het in die skadu van die kerk grootgeword.” Só sê die glimlaggende man wat vanaf sy bekering, op 17 Oktober 1957, deur stormagtige tye op die sendingveld en ook hier in sy post-aftrede rotsvas op die Here vertrou.

“Oom Gawie” is op 21 November 1934 gebore. Hy is ’n Kalaharikind wat sy laerskooldae in plaasskole deurgebring het. In 1953 matrikuleer hy aan die Hoërskool Kalahari op Kuruman.

Na skool gaan werk oom Gawie in die staatsdiens, by die destydse Volkswelsyn en Pensioene. Toe die kantore van die staatsdepartement na Kaapstad verskuif, skuif hy saam. Gou voel hy egter soos ’n bode met leêrs. Ná sy bekering gaan doen hy evangelisasiewerk saam met City Mission in die Kaap. Daar help hy ook met sendingwerk in die hartjie van Distrik Ses.

Weg by die staatsdiens

Oom Gawie bedank in Februarie 1958 uit die staatsdiens. Nooit wyk die gedagte van sendeling word nie. Destyds is al die sendelinge by die NG Kerk se Sendinginstituut op Wellington opgelei. Oom Gawie doen aansoek.

Toe kom ’n terugslag. Oom Gawie vertel: “Die sinode besluit om die instituut te sluit vir blankes om daar vir sendingopleiding te gaan. Alle voornemende kandidate moes voortaan Stellenbosch of Universiteit van Pretoria toe gaan. Ek was nie gereed om in net drie maande al die aansoekprosedures vir die universiteit na te kom nie.”

Die dringendheid daarvan om in die diens van die Here te werk, maak oom Gawie “radikaal”. Hy besluit toe om op ’n ander manier vir die Here te werk. Hy kry die geleentheid. Op ’n biduur van die Christelike Hospitaalbond ontmoet hy Tannie Nellie en tannie Aletta Burger.

Hulle spoor hom aan om vir eers van die sending te vergeet en in ’n Christelike boekwinkel te gaan werk.

Reg in Gawie se kraal

Die werk in Hart, die Christelike Hospitaalbond se boekwinkel, is so reg in oom Gawie se kraal omdat hy graag lees: kerkgeskiedenis, SA se rol in die sending en oor kerkmanne soos Andrew Murray en sendelinge soos Hudson Taylor. Hierdie is vir hom soortgelyk aan ’n sendingveld.

Oom Gawie en tannie Mariën blaai deur *Kerkbode*.

Oom Gawie gee egter nie sy droom om ’n sendeling te word, prys nie. Sy voorgraadse Admissiegraad doen hy deur Unisa.

Daarna beweeg hy aan na Fakulteit Teologie by Tukkies. Prof Piet Meiring, die mede-redakteur van die boek *Suid-Afrika: Land van baie godsdienste*, en saam met oom Gawie ingeskakel by Skuilkransgemeente, moedig hom aan om sy doktorsgraad te doen. Sy proefskrif lui 'History of the Dutch Reformed Mission in Sekhukuneland and church development 1875-1994'.

Op 77 jaar word hy dr Gawie Jordaan.

Oom Gawie vertel dat mense vir hom sê dat hy darem baie rondgerits het in sy lewe. “Maar ek het nie. Ek het net een gemeente gehad. Die Lepelle in Sekhukhuneland, deel van die NG Kerk in Afrika”.

In 1986 gebeur die hartseer skeuring in die NG Kerk. ’n Derde van oom Gawie se sturende gemeente Marble Hall, breek weg om die APK Marble Hall te stig. Hierdie gebeurtenis gee die NG Kerk ’n geweldige knou. ’n Paar jaar later deel die kerkraad oom Gawie mee dat hy nie meer betaal kan word nie. Hy gee nie die gemeente prys nie. Hy word tentmaker-sendeling en vul ’n vakante betrekking by die Ndebele Educational College te Siyabuswa sowat 30 km vanaf Marble Hall. Hy onderrig Bible and Philosophies of Life.

“Dit was vir my wonderlik om meer as 300 studente in hierdie vak te onderrig.”

Weer is daar ’n wending. Hierdie keer aan die ligkant van die lewe. Ds Andries Louw, die tweede leraar van oom Gawie se sturende gemeente, Marble Hall, aanvaar ’n beroep na Faerie Glen in Pretoria. Oom Gawie keer terug na sy eie geliefde gemeente.

Die onstuimige tagtigerjare in Suid-Afrika het ook die bediening gevaarlik gemaak. Oom Gawie vertel ’n storie uit daardie dae.

“Op ’n dag moes ek die Sondagoggenddiens by die Ndebele College of Education lei. Toe ek by die kerk stop, keer ’n paar *comrades* my voor. Hulle wou toe weet wat ek kom maak. Nadat ek aan hulle verduidelik het dat hier ’n diens is, het hulle my ingelig dat alles vir die dag opgeskort is. Hulle is besig met studente se opleiding vir rewolusie.

Terwyl hulle met my praat, het sommige van hulle die bakkie agter volgepak en twee het langs my ingeklim. “Neem ons na die Sizabuswa Hotel,” gebied hulle. Gedwee en gehoorsaam het ek met die manne gery en hulle veilig by hulle bestemming gaan aflaai.”

Aftrede wink

In 1995 tree oom Gawie uit die sending. Maar hy staan nog rotsvas in die lewe. Hy en sy gesin verhuis na Pretoria. Na ernstige voorbidding, lei die Here hom vanuit Pretoria om as hulpleraar die gemeente Lepelle te bedien. Hy onderneem om twee of drie keer per maand die 200 km Lepelle toe af te lê. Finansieel was dit moeilik. Maar oom Gawie se 14 jaar van boekhandelwerk tel in sy guns. Hy kry werk by die NG Kerk in Afrika se boekwinkel Dibukeng.

Later tree hy ook uit as hulpleraar maar onderneem om steeds een keer per maand ’n besoek aan Lepelle af te lê. Skuilkransgemeente ondersteun hom hierin.

Oom Gawie lei ook Skuilkrans se diensgroep vir sending. Tot 2015 doen hy pastorale siekesorg by Steve Biko-hospitaal.

Binnekort gaan hy geestelike boeke wat aan hom geskenk word in sy hartsplek, Kuruman, versprei.

Boeke bly sy groot liefde en om boeke te herstel is sy stokperdjie. Hy begin in 1995 daarmee en het tot op hede 3 836 boeke herstel. Sy 35ste State-generaal Bybel word uitgestal in die argief van die sinodale kantoor, Oos-streek langs Skuilkransgemeente.

Vanjaar, op 21 November, word oom Gawie 90 jaar oud. Hy sien nog kans om met uitreikwerk voort te gaan tot dit nie meer kan nie. En bid dat die Here iemand sal stuur om met die werk voort te gaan. Wat ’n skitterende getuienis deur iemand wat voluit vir die Here leef!

Dr Gawie Jordaan en sy vrou Mariën woon in Silverton, Pretoria. Hulle het vier kinders en vyf kleinkinders.

Isabel Ballot is ’n lidmaat by NG Gemeente Skuilkrans en Kerkbode*-medewerker.*

Oudste Bybeldagboek word 100

HELÉNE MEISSENHEIMER

Uit die Beek is die oudste Afrikaanse Bybeldagboek. Geslagte op geslagte Afrikaanse mense onthou en ken die jaarlikse Bybelleesgids.

Onlangs op die sonnige Vrydagoggend van 23 Augustus is die 100ste uitgawe gesellig gevier by die Jubileumsaal van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit op Wellington.

Vir vele gaste was hierdie ook 'n kans om van die Uit die Beek-skrywers te ontmoet soos dr Barend Vos, die bekende predikant en skrywer wat sedert 2017 met hierdie taak besig was.

Hy is een van 'n reeks predikante wat tel as skrywers van hierdie Bybeldagboek. Sy voorganger was ds Attie van Wijk (*Uit die Beek* 2008-2017) wat weer die kleinseun is van die oorspronklike *Uit die Beek*-skrywer, ds Attie van Wijk senior.

Van Wijk het die oggend vertel sy oupa het van 1903 tot 1924 'n almanak opgestel met dagstukkies, 'n tradisie wat in 1880 begin is deur dr Andrew Murray van Wellington. Die doel was om mense aan te moedig om die hele Bybel te lees. In 1924 het Van Wijk voorgestel dat 'n stukkie verklarende teks bykom. *Sy Overdenkingen I en II* verskyn in 1925 en 1926. In 1927 het hy die naam verander na *Uit de Beek* (uit die Nederlandse vertaling van Ps 110:7: "Hij zal op den weg uit de beek drinken"). Vanaf 1929 word dit *Uit die Beek*.

Afrikaans se oudste Bybeldagboek, Uit die Beek, se honderdste uitgawe is onlangs op Wellington gevier. By die geleentheid was ondermeer dr Stephan Joubert, ds Attie van Wijk en dr Barend Vos wat al drie tel as skrywers van hierdie gewilde Bybelleesgids.
Foto: Helene Meissenheimer

Van Wijk het vertel sy oupa het vir meer as 40 jaar hiermee volgehou tot kort voor sy dood. Toe sy hande te veel begin bewe om te skryf het hy met twee hande geklem om 'n houtpen die teks op 'n tikmasjien uitgetik. Na sy dood het eers sy seun (ds Attie se pa, ds Hannes van Wijk) en toe dié se broer (ook Attie) die taak oorgeneem om lesers in siklusse deur die hele Bybel te neem. 'n Tradisie wat vandag nog voortgaan.

Ander skrywers wat deur die jare hierdie reusetaak hanteer het, was prof AH van Zyl en dr Annes Nel.

Anders as toe is daar vandag 'n horde dagstukkieboeke. Nog 'n *Uit die Beek*-skrywer, e-kerk se prof Stephan Joubert het vertel dit maak 'n mens ook bekommerd dat die "dagboekkultuur" van net 'n uitgesoekte versie met 'n stukkie teks by mense vervreem het van ernstige lees van die Bybel. Op sy vraag hoe hy dié spanning hanteer het, het Vos gesê sy ervaring by *Uit die Beek* is nie dit nie. "Ons lesende kerkmense is nie meer versiemense nie. Hulle wil die hele boodskap hoor van die hele Bybel. *Boots and all. Warts and all,*" sê hy.

Vos het vertel dit was asof *Uit die Beek* nuwe lewe gekry het toe hulle in 2021 terugkeer het na hierdie Bybelleesgids se tradisie om mense in vierjaarsiklusse deur die hele Bybel te neem. Dit was na 'n eksperiment om ietsie nuuts te doen met 'n ander Bybelleesrooster.

Dit maak hom bly.

Maar die skryf van hierdie verklarende dagstukkies was nie maklik nie, het Vos gesê. Hy het dit so verduidelik: "… ja, jy wil hulle laat dink en jy wil hulle laat wonder en jy wil hulle laat vrede vind en jy wil hulle laat bevestiging kry. Jy wil hulle laat verwonderd wees oor die God wat goed en groot is en tog in soveel fyn besonderhede na ons kyk, maar jy wil hulle nie vervreem van die Bybel en hulle omgang met die Here nie".

Dit was 'n moeilike balans om te vind.

Vos groet met die eeufeesuitgawe van 2025 en gee die skryfbaton oor aan Joubert wat al 'n vorige siklus van 2004-2007 hanteer het. Hy het hom sterkte hiermee toegewens en ook hierdie stukkie insig gedeel: "Ek het agtergekom meer as met enige ander boek wat ek al ooit probeer skryf het dat as jy met hierdie ding besig is, hierdie boek wat op mense se bedkassies lê en waar 'n man en sy vrou dit vir mekaar voorlees … dit is 'n intieme deel van hulle omgang met die Here.

"En daarom moet jy verskriklik versigtig wees … jy werk hier met mense se sagte binneste."

Te midde van klimaatsverandering en ontnugtering bind Afrika ons

Hendrien van Vliet berig vanaf 'n saamtrek van die Reformed Family Forum (RFF) wat van 8-11 September in Benoni plaasgevind het.

Is ons kerk binne mure, of kerk in die strate? Dit is dalk een van die treffendste vrae wat tydens die afgelope jaarvergadering van die RFF gevra is.

Die lede van die vergadering moes worstel met belangrike kwessies wat nie net hulle eie konteks raak nie, maar eintlik 'n groot deel van Suidelike Afrika. En hulle moes worstel met een van die belangrikste kwessies van almal: dat die kerk dalk deel is van die probleem.

Dr Kevin Muriithi, praktiese teoloog by St Paul's Universiteit in Limuru, Kenia, het almal uitgedaag met sy eerlike observasies en vrae, wat ontstaan het uit die onlangse jeugproteste in Kenia. Vir jongmense, nie net in Kenia nie, maar oral in die verskillende Afrikakontekste teenwoordig by die vergadering, is die tyd vir wag nou verby. Hulle is kwaad, gefrustreerd en ontnugter met die sosiale en ekonomiese mynveld wat hulle moet navigeer. Daar is grootskaalse werkloosheid onder jongmense, beide met en sonder 'n tersiêre kwalifikasie. Groot beloftes word gemaak, en tog gaan korrupsie voort met min nagevolge.

En die jongmense vra, waar is die kerk? Daar binne hulle mure, of hier by ons in die strate? So op 'n warm en winderige Maandagoggend staan ons tussen vier mure en sing 'Here, help ons, want daar is niemand soos U nie. Ek soek oral, daar is niemand soos U nie.'

Afrika bind ons saam

Ten spyte daarvan dat die RFF bestaan uit 'n groot groep gereformeerde kerke regoor Afrika, en dit 'n diverse groep mense bymekaar was, was daar 'n belewenis van onderlinge omgee en kameraadskap. Afrika bind ons saam. Ons deel in die diep, ryk geskiedenis van 'n vasteland wat al baie seer moes deurleef. Dit syfer deur na 'n gevoel dat ons almal sukkel met dieselfde probleme en by mekaar en by 'n groot groep kenners kan leer. Dit het almal teenwoordig die hupstootjie gegee om die lewenspad vol slaggate aan te durf.

Die aarde kreun

En die pad vorentoe vir gereformeerde kerke is propvol slaggate. Terwyl 'n warm lentewind woed, praat verteenwoordigers van die Southern African Faith Communities Environment Institute (SAFCEI) met die vergadering oor die groot groen probleem: die aarde. En meer pertinent, ons kontinent, Afrika. Die vergadering is gevra om in kleiner groepe in te deel en hierdie belangrike vraag te bespreek: Waar hoor jy die gekreun van die aarde ten diepste in jou konteks? En deur die bank was die probleem: die mens. Ons is nie goeie rentmeesters nie, en daarom het aardverwarming 'n verwoestende impak op baie van ons Afrikagemeenskappe: vloede, droogtes, veldbrande en hongersnood. Korrupsie en ontbossing (*deforestation*), maak dat beide mense se lewensbestaan en die aarde s'n bedreig word. En hier hoor die vergadering weer: Wat doen die kerk rondom hierdie probleme?

> **Vervolg bl 5**

‘Ons wil die beste plan B vir die kinders wees’

“Hier was ’n seun by ons wat ’n straatkind was. Ek het hom leer swem en later het hy saam met ons begin skubaduik. Vandag het hy sy eie swemskool in Mamelodi. Nou die dag laat weet hy my hy is verloof. Stories soos dié inspireer my, en daar is baie,” sê sy.

Vervelig is die laaste woord om dié vrou se lewe te beskryf, dink ek. Ons drink koffie in haar kantoor in Pretoria. Jy sien die opwinding in haar oë en hoor die passie in haar stem. Veral wanneer sy oor die kinders wat oor haar pad kom praat.

“Ek woon al tien jaar hier op Louis Botha se terrein,” sê sy. “Dit was al ’n uitdaging met tye! Maar dit het my ook baie gehelp met perspektief en insig en ek geniet my werk ongelooflik baie. Ek dink ’n mens verstaan iets beter as jy dit aan jou eie lyf voel.”

Charlene Grobler is die hoof van Jakaranda- en Louis Botha-kinderhuise. Jakaranda huisves 200 kinders in 20 huise; Louis Botha 90 kinders in nege huise. Hulle het 10 maatskaplike werkers en ’n groot klomp ander personeel.

“’n Skoolhoof het een keer vir my gesê, moeilikheid is jou besigheid, Charlene! My groot werk is om mense te bestuur en te ontwikkel en die regte sisteme in plek te stel.”

“Hoe lyk jou tipiese dag?” vra ek.

“My tipiese dag is redelik nag!” lag sy. “Deur die dag is dit basiese bestuurswerk. Na-ure doen ek admin of praat graag by plekke om ondersteuning te werf. Dit is vir my baie belangrik om te netwerk.”

Sy sê sy vertel graag suksesstories, maar ook van die stories waar dinge nie so goed uitgewerk het nie. “’n Mens moet eerlik wees. Ook oor mislukking en teleurstelling. Dit moet eintlik nie nodig wees vir kinderhuise om te bestaan nie. Geen kind wil in ’n kinderhuis bly nie. Ons wil die beste plan B vir die kinders wees.”

Charlene het in Amanzimtoti grootgeword. Op ’n dag in graad tien het sy vir haar ouers gesê sy wil ’n maatskaplike werker word. Hulle was verbaas en het haar gestuur vir aanlegtoetse, maar sy het geweet wat sy wil doen. Na skool gaan studeer sy by UP. Kort na haar studies begin sy as maatskaplike werker by Jakaranda-kinderhuis.

Dit is 18 jaar gelede.

“Aanvanklik was ek aangestel oor vyf huise by Jakaranda. Later het ek oorgekom na Louis Botha as ontwikkelingsmaatskaplikewerker. Dit was die lekkerste pos. Ek het kinders gevat op kampe, individuele ontwikkelingsprogramme uitgewerk, groepsaktiwiteite gereël en aangebied. En alles saam met die kinders gedoen, kitaar gespeel, om die blok gehardloop, booggeskiet … allerhande goed. Dit was wonderlik. Ek is ’n buitemens en kon baie meer regkry as wanneer jy net met ’n tiener oor ’n tafel sit.”

Ons gesels oor haar geestelike pad.

Haar broer Zander van der Westhuizen het ’n groot impak op haar lewe gehad en het steeds. Sy vertel hoe sy destyds saam met hom betrokke was by uitreike op die hawe in Durban. Zander is vandag predikant by NG Gemeente Tygerpoort – die gemeente wat Charlene as haar geestelike tuiste sien. Zander se vrou, Maartje, is predikant by NG Kerk Elarduspark.

Beide kinderhuise is destyds deur die NG Kerk begin en funksioneer steeds onder die SKDBM. Charlene sê sy is dankbaar vir die kerk en veral gemeentes en gemeentelede se betrokkenheid by die huise. Maar sy voel die kerk kan meer doen. Minder as 10% van die kinderhuise se finansiële ondersteuning kom byvoorbeeld van die NG Kerk. Alles via gemeentes – nie sinodes nie – en hulle is toenemend onder druk van die staat se laat betalings. Die staat se bydrae het met 20% gedaal in die tyd wat sy daar is.

Deur die jare kon sy ’n merkbare positiewe verskil sien by huise in die Kinderhuis waar gemeentes betrokke is.

Sy sê mense dink gewoonlik dadelik aan geld wanneer sy oor ondersteuning by gemeentes praat, maar hulle benodig nie net finansies nie. “Ons soek mentors, gasouers, mense wat kan help met huiswerk, vaardighede, tyd … mense wat nuwe verhoudings kan bou met die kinders wat so dikwels al teleurgestel is deur grootmense.”

Dinge het merkbaar vererger in die behoeftes rondom kindersorg in Suid-Afrika in die agttien jaar wat sy betrokke is. Sy sê hulle sien byvoorbeeld aansienlik meer psigiatriese gevalle vandag, en waar kinders destyds deur een – of dalk twee – erge traumas gegaan het, is die kinders wat vandag by hulle geplaas word dikwels deur heelwat meer. En om die kroon te span, maak die staatsdepartemente dit al moeiliker om weerlose kinders te help.

Wat doen sy om haar batterye te herlaai?

Sy is lief vir die natuur en veral die see en is ’n kranige skubaduiker. Hulle neem jaarliks kinders van Jakaranda en Louis Botha “om die see die eerste keer te sien, van binne af!”

Wat weet min mense van Charlene Grobler?

“Nogals baie dinge, dink ek, eintlik is ek ’n baie privaat mens. Ek kan byvoorbeeld baie goed ysskaats. Ek dink bitter min mense weet dit van my! En ek het drama gedoen en het ’n groot passie daarvoor. En ek het al baie gereis en byvoorbeeld op ’n eiland saam met die *locals* geleef. As jy nie visvang nie eet jy nie! Ek het besef hoe dankbaar ons eintlik moet wees – en hoe min ’n mens eintlik nodig het.”

’n Mens kry die idee haar werk by die kinderhuis is ook ’n avontuur. En soos die meeste avonture is dit vol risiko en uitdagings en is daar gedurig nuwe ontdekkings om te maak.

Wanneer dinge rof raak, gee haar geloof haar hoop. “Maar ek sê altyd dit moenie nodig wees vir mense om te vra of jy ’n Christen is nie. ’n Mens moet dit kan sien.”

Terwyl ons gesels dink ek aan die verbaasde engel se woorde in Leo Tolstoy se kortverhaal *What men live by*: “And when the woman showed her love for the children that were not her own, and wept over them, I saw in her the living God, and understood What men live by.”

Ds Jaco Strydom is verbonde aan die Echo-Jeugontwikkelings en die NG Gemeente Villieria.

> Vervolg van bl 4

Agt aksiepunte

Dit klink alles baie negatief, maar dit het ’n groot impak gehad op die gesprekke wat gevolg het. By hierdie vergadering het die leiers van die onderskeie kerke (wat bestaan uit moderators en algemene sekretarisse) onderneem om agt belangrike kwessies ernstig op te neem en aan te spreek, onder andere ekologie en armoede, kwessies wat jongmense raak, soos werkloosheid en veilige ruimtes in die kerk, en die volhoubaarheid van gemeentes.

Die kerk hoor dalk gereeld dat sy deel is van die probleem, maar hierdie groep het besluit om deel te wees van die oplossing. Om nie net kerk te wees binne mure nie, maar juis in die strate. In die strate van Afrika. Soos Francesca de Gasparis, die uitvoerende direkteur van SAFCEI noem: “There is power in the collective”, en die RFF, met hulle verbintenis aan die kerk, aan God en aan die mense van Afrika, sal daardie verantwoordelikheid ernstig opneem in die jaar wat voorlê.

Om meer te lees oor die RFF en die volledige resolusie, wat later beskikbaar sal wees om te lees, kan hulle webtuiste rff.christians.co.za besoek word.

Ds Hendrien van Vliet is predikant by NG Kerk Kempton-Hoogland.

Jan Lubbe

‘Ons het nie ’n kerk nie, Oom’

In die rytjie kinders by die kersmaker, het 'n meisie, seker tien jaar oud, sy vraag op 'n wyse beantwoord wat hom bybly, skryf **Jan Lubbe**.

Die afgelope paar weke het ons in die sentrale binneland beleef hoe “U stuur na koue winter weer lente met sy bloei, die winde en die reën en sonskyn wat laat groei” (Lied 461). Dit word warmer hier, ligter, groener, lewendiger, moediger. Ook in ons (my) kerklike lewe: Daar was die afgelope maand kwartaalvergaderings van ons Vrystaatse moderamen en ’n zoom-vergadering van die ASM se dagbestuur; ’n gesprek met die Solidariteitsbeweging; in Bloemfontein ’n konferensie oor die VGKSA se dertig jaar ná 1994; koffie met twee broers uit Koinonia in Kroonstad – halfpad ontmoet – en die Reformed Family Forum se byeenkoms vir moderators en algemene sekretarisse van kerke uit Suider-Afrika, tot so ver as uit Nigerië. Een van hierdie “dogters” van die NG Kerk, die Reformed Church in Zambia, het nou in Augustus al haar 125ste bestaansjaar herdenk!

Inspirerende ontmoetings. Tuis, in ons familiekring, het Pa/Oupa Hendrik Smith op 90 wonderbaarlik ’n hartaanval oorleef, ons almal een ná die ander om sy hospitaalbed nadergestaan en gesê wat op die hart is en gesê móés word. En in my hoenderhok het sewe kuikens uitgebroei en met soveel selfversekerdheid begin skrop en pik en waterdrink met hulle koppies agteroor, dit verbaas jou weer van vooraf. Lewe – en ’n familie, ook in kerklike sin – is ’n gawe van God.

Dáárom tref haar woorde my toe, dié Vrydagmiddag by ons gemeente Berg-en-Dal se vrolike kermis; ons 68ste verjaarsdagviering “op berge en in dale, oral voor God se aangesig” (22 September 1956). My een kollega het weer die padwedloop gereël en die ander die speletjies hanteer; al die ander kermistafels goed georganiseer, soveel helpende hande. Ek kon vir ’n slag weer net één ding doen, die hele middag: kerse maak saam met die kinders. Van kleutertjies wie se handjies ek moet vashou en help om die kerspit versigtig in die warm kerswas te doop tot skertsende matrieks met hulle selfoon in die linkerhand, kers in die regterhand … en ons wat ons dan verwonder hoe die kers geleidelik – keer ná keer in die was gedoop, afkoel, met groot geduld en vasbyt en weer agter in die ry gaan staan – “groei” totdat omtrent ’n driekwartier later, die kind trots met ’n veelkleurige selfgemaakte kers daar wegstap. Die kers nog louwarm, selfs sag. “Soos klei in die hand van die pottebakker …”, kom Jeremia 18 by my op. God neem tyd, God is geduldig. En toe vorder sý tot voor in die ry.

Ek het haar naam gevra en watter skool, want hier by ons in die gesinsdiens of kategese het ek haar nog nie gesien nie. Sy het saam met ’n maatjie kermis toe gekom, vertel sy. Op my volgende vraag antwoord sy gewoon: “Ons het nie ’n kerk nie, Oom.” Ek sluk my verbasing en aannames ineen en sy gaan val weer agter in die ry in en later sê sy sy wil haar kers in al die kleure van die reënboog doop en so gesels ons tussendeur. Bly is sy en haar maatjie daar weg, hulle sal weer kom, sê sy. God ken hulle name, kyk ek hulle agterna. God wat ons voorgeboorte al ken, en ons hart.

Maar waarom het sy en haar huismense nie ’n kerk nie? bly ek die naweek deur wonder. Is hulle nuwe intrekkers hier naby? Is haar pa Engels en haar ma Afrikaans of het hulle uit twee kerke soos AGS of Katoliek gekom en toe …? Is haar pa en ma (nog) saam? Of maak ek nou alweer aannames? Is die vraag dalk eerder wás hulle by ’n kerk? Wat het toe daar gebeur: die dominee? Iemand wat iets veroordelend gesê of verskrikliks gedoen het? Al die koerantberigte oor die kerk, jy weet? Is dit dalk gewoon ’n besluit wat hulle gemaak het, ’n vrye keuse in hierdie land en eeu? Al die groot statistieke speel deur my gedagtes – gewetenswroeginge, apartheidskuld, kerkverlating, sekularisering in die Weste, post-Christendom … Móét ’n mens ’n kerk hê?

Wat Dietrich Bonhoeffer oor die *communio sanctorum* geskryf het, kom by my op. Soos wat Jesus die gestalte – die inkarnasie – van God in ons aardse werklikheid was, só is die kerk die gestalte van Christus tussen mense! Dít is te groot, te heilig, wil ’n mens byna sê: Gemeenskap van heiliges? Iemand het gevra: Ja, maar is ons ook “gemeenskap van die veiliges”? ’n Ruimte waar ’n kind ’n kind kan wees en ’n bejaarde nie vergete en eensaam, en almal iewers tussenin? Waar ’n mens ontdek ek behoort, bó alles aan, nee, ín die familie van God.

Die Gees van God het my iewers gevind, Christus het gesien ek is “vermoeid en belas”, my hierheen gelei, my hier tot rus laat kom, waar geloof en hoop en liefde leef en groei, my bewusgemaak van genade en ’n naaste, my stuur.

My bede is dat jy en jou huis so ’n kerk sal vind, my kind.

Ds Jan Lubbe is predikant van die NG Gemeente Berg-en-Dal en voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen.

Nuwe boek: Bun Booyens oor diensplig en die uitwerking van ’n gebrek aan afsluiting

“Ek dink daar is baie mense wat afsluiting soek,” sê Bun Booyens in ’n onderhoud vir dié Kollig-episode oor sy nuwe boek TROEP, wat eersdaags by Penguin verskyn.

Booyens het uiteenlopende vertellings ná gesprekke met meer as 100 oud-dienspligtiges opgeteken en georden. Só klink enkele van die temas:

> **INKLAAR –** My ma was banger as ek.

> **’N KAPELAAN ONTHOU –** Genade tussen die ongenade.

> **PT** – Julle wil mos nie saamwerk nie.

> **LANDMYN –** Die duiwel se niggie.

> **HOM ONTHOU EK –** ’n Bruin soldaat in ’n wit basis.

> **SOLDATETAAL –** Woorde, frases en afkortings.

> **STERFTES –** 23 jaar, 6 maande, 3 weke en 2 dae.

Bronne verskil oor hoeveel mense in die Grensoorlog gesterf het, verduidelik Booyens. Die SA Militêre Veterane-organisasie Internasionaal bereken die sterftesyfer aan Suid-Afrikaanse kant vir die tydperk 26 Augustus 1966 tot 21 Maart 1990 as volg: Totale aantal sterfgevalle 2 573. Sowat 30% sneuwel in aktiewe diens terwyl ander oorsake goed soos vliegongelukke en vernaam motorongelukke insluit.

“Ek dink wat mense se geloofsbelewenis verander het in die weermag, was die tyd toe jou lewe veronderstel was om in alle rigtings oop te vou en te navigeer volgens jou eie keuses, was jy daar in ’n situasie waar jy na die dood moes kyk. Jy moes ’n testament opstel op ouderdom 18 … En jy het ’n *dog tag* gehad om jou nek: Nommer, rang, naam, bloedgroep. En kerkverband.”

Dominees pen mense-stories neer as 'n naby-kykie op 'bakengemeentes'

Twee konsepte het help vorm gee aan die stories wat deelnemers by vanjaar se Slypskool vir Skrywers ingedien het: "menslike biblioteke" en "bakengemeentes", berig **Le Roux Schoeman** en **Riata Nel**.

Oor menslike biblioteke: Om toenemende vervreemding en polarisasie in die politiek, samelewing en ook geloofsgemeenskappe te bekamp, is daar 'n veelheid inisiatiewe wat die waarde en gewig van die individuele storie ietwat in ere probeer herstel. As keerwal teen stereotipering, veralgemening en gewoon onkunde werk organisasies soos The Human Library Organisation (slagspreuk: *Unjudge someone!*) en soortgelyke projekte op eie bodem met die analogie tussen mens en boek: Jy kan 'n mens – nes 'n boek – nie op sy baadjie takseer nie, maar kan dit wel uitneem en gaan sit en dit deurblaai en so eerstehandse kennis opdoen en jou eie begrip vermeerder. Mens-tot-mens gesprekke wat kan lei tot meer menslike stories oor ander en die wêreld.

Oor bakengemeentes: Die idee van "bakengemeentes" kom uit die droom dat die NG Kerk geleidelik sal verander in 'n netwerk van gemeentes wat op voetsoolvlak, vanuit God se liefde, diensbaar is in ons gemeenskappe, verduidelik dr Lourens Bosman, die uittredende algemene bestuurder van die NG Kerk, wat die afgelope paar jaar ook ten nouste by die Slypskool betrokke was.

"Om dit kan doen, sal gemeentes oor die tradisionele grense van ras, taal en kultuur moet tree," aldus Bosman. "Hierdie droom is gebore tydens die Algemene Sinode van 2019 wat tyd opsygesit het om te vra: Waar wil God hê moet die NG Kerk wees teen 2030? Ná die sinode het die Taakspan Navorsing gaan soek na gemeentes wat reeds hierdie droom beliggaam. Hulle verhale is opgeteken en word bestudeer.

Hierdie gemeentes en hulle verhale is belangrik: Dit is bakens op pad na 'n toekoms waar die NG Kerk al meer tuis kom in die diversiteit van Suider-Afrika," sê Bosman.

Uit hierdie kreatiewe kruisbestuiwing is vanjaar se slypskool-konsep gebore: Kry vier mense uit bakengemeentes en laat die skrywers elkeen een van die vrywilligers rustig onder vier oë neem en die stories wat hulle hoor, neerskryf en met *Kerkbode*-lesers deel. Dit is wat jy in die blaaie wat volg gaan lees.

Hoekom 'n Slypskool vir Skrywers?

Om fyn te luister, raak te hoor en iemand anders se storie met vernuf te kan skryf.

Dit is maar drie aspekte van die uiteenlopende stel vaardighede waaraan die groep leraars geslyp en geskaaf het. Tesame met lede van die Taakspan Navorsing bied die Slypskool vir Skrywers reeds die afgelope vier jaar 'n ruimte vir diegene wat onder die druk van 'n spertyd en met die eerlike terugvoer van ander skrywendes stories vir publikasie wil skryf en indien.

Vanjaar se fokus op "mense-stories" sluit weereens aan by breër, aktuele temas wat na vore kom in die navorsing wat onder leraars en lidmate gedoen word in peilings en opnames soos Kerkspieël.

Ses deelnemers onder die ouderdom van 40 het in Augustus aangemeld by die eMseni-terrein naby OR Tambo-lughawe vir drie dae van leer by mekaar en onder leiding van joernaliste en navorsers binne die kerk se kommunikasie-ekosisteem.

Wie was die vrywilligers in die opwip-biblioteek?

Die "boeke" wat ingestem het om hulle storie te vertel, was ds Hennie van Rooyen van Brixton in Johannesburg, ds Christo Nel van Riebeeckstad in die Vrystaat, Jean Pelser, 'n deeltydse diensleraar van Fontainebleau in Johannesburg en Doc Mabila wat verbonde is aan die nieregeringsorganisasie Betereinders.

Hy werk ook via sport met jeug in verskeie *townships*.

> **Vervolgop bl 12-14**

NG WINDHOEK-WES

VAKATURE: 'n Voltydse gelegitimeerde NG leraar wat geroepe is om die kerkraad en gemeente te help om hul doel uit te leef in lyn met die aanvaarde Vaste Fondamente van die gemeente.

Windhoek-Wes
Die Kerk by die Kruis

Sluitingsdatum: 11 Oktober 2024.

Gemeenteprofiel: Die NGK Windhoek-Wes is geleë in Hochlandpark, Windhoek en is 'n eenleraargemeente. Die kerk het ongeveer 400 belydende lidmate en 70 dooplidmate wat oor 'n uitgestrekte gebied woon, en wat ook lidmate van die boeregemeenskap in Khomas Hochland insluit. Windhoek-Wes is ook konsulent vir die Okahandja-gemeente. Die kerk val onder die Sentraal Ooste-ring en onder die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië.

Leraarsprofiel:
Ons Vaste Fondamente is gegrond op (i) suiwer verkondiging van die Woord, (ii) Opbou van die gemeente, en (iii) uitbou van na die samelewing om ons, alles tot eer van God. Naas die vaardigheid om uitvoering aan Artikel 9 te gee, soek die gemeente 'n dienaar wat pas in die volgende profiel:

- Christelike waardes en liefde vir God.
- Skrifgetroue prediking.
- Verbind tot evangelisasie en dissipelskap as lewenswyse en nie net filosofie.
- Moet 'n dienaar's hart hê wat omgee, versorg en kan identifiseer met vreugde en hartseer van die lewe.
- Leierseienskappe hê en dissipels/leiers kan oplei.
- Gelegitimeerd wees met volle ampsbevoegdheid.
- 'n Minimum van tien tot vyftien jaar voltyds in 'n NG gemeente(s) gewerk het.

Pligte: Soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.

Vergoeding en voordele: Volgens sinodale riglyne vir 'n voltydse predikant.

Aansoek:

1. Stuur 'n volledige en kreatiewe CV asook skakels na twee onlangse elektroniese preke na admin@ngwes.com
   Die CV moenie langer as drie bladsye wees nie, met drie kontakbare referente. Dit moet ook vergesel wees van 'n dekbrief, nie meer as twee bladsye nie.
2. Die aansoeker sal ook 'n toepaslike vraelys moet voltooi wat met ontvangs van aansoek aangestuur sal word. Dit moet voor die sluitingsdatum teruggestuur word.
3. Kandidate wat die kortlys haal sal per e-pos gekontak word en vir 'n onderhoud en moontlike preekbeurt genooi word.

Diensaanvaarding: So gou moontlik.

Navrae: Henry Hoepfner, voorsitter van die kerkraad. Per e-pos: henry@dulux.com.na of telefonies by 26461 81 127-4205

Die kerkraad behou die reg voor om self inligting aangaande die aansoeker in te win en nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.Stuur aansoeke na: admin@ngwes.com

OPINIE

Word dit moeiliker om beswaar teen besluite van die Algemene Sinode te maak?

JOHANN ERNST

Daar staan dit in die Herderlike Brief wat ds Jan Lubbe as voorsitter van die Moderamen van die Algemene Sinode aan die begin van die lente aan leraars en lidmate van die NG Kerk gestuur het: "As Moderamen is ons verbind tot konstruktiewe gesprek waarin ons mekaar respekteer, [waarin ons] in liefde by die waarheid bly oor wie ons is en wat besluit is, [waarin ons] begrip vir mekaar se sieninge nastreef [en waarin ons] gepas en ordelik optree." Ons kan nie hiervan van mekaar verskil nie.

Wanneer Calvyn oor die kwessie van die ware en valse kerk handel en reageer op die beskuldiging deur Rome van skeurmakery sê hy die volgende in sy Institusie: "Die eenheid word deur twee bande saamgebind, naamlik eenstemmigheid in die gesonde leer en broederlike liefde. Die broederlike liefde is egter so nou aan die eenstemmigheid in die geloof verbind dat laasgenoemde die begin en end van eersgenoemde is." Lubbe verbind die liefde en waarheid aan "wie ons is en wat besluit is". Die redelike gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat dit liefdeloos is om nie by die waarheid te bly nie wanneer ons as leraars en lidmate met mekaar in konstruktiewe gesprek is en oor besluite met mekaar praat. Ons kan nie hiervan van mekaar verskil nie.

Ongelukkig is dit in die openbare en kerklike gesprek nie die geval nie. Aan die begin van die lente bied RSG aan dr Anton Knoetze die geleentheid om te vertel wat by die onlangse Koinonia Sinode gesê en besluit is. Knoetze vertel die luisteraars van die besinning oor die stil-stil veranderinge aan die Kerkorde om dit al hoe moeiliker te maak vir behoudende lidmate, leraars en kerkrade om deur kerklike kanale beswaar te maak teen die besluite van die Algemene Sinode wat in stryd is met die Woord en die Belydenisskrifte. Die byvoeging van die nuwe Artikel 22.3 tot die Kerkorde word deur Knoetze as voorbeeld genoem van stil-stil verandering van die Kerkorde om lidmate, ampsdraers en kerkrade die swye op te lê, af te dreig of uit die pad uit te neem. Volgens Knoetze is hierdie byvoeging in stryd met die gereformeerde kerkreg en die administratiewe en gemenereg. Ingevolge hierdie nuwe artikel kan 'n meerdere vergadering weens onvermoë of wanbestuur 'n mindere vergadering ontbind en hersaamstel en/of onder sy bestuur plaas. Kerkrade, wat nie saamstem met sekere besluite nie, word reeds deur ringe met die toepassing van hierdie artikel gedreig, aldus Knoetze.

Ds Jan Lubbe word die volgende dag deur RSG die geleentheid gebied om hierop te antwoord. Volgens Lubbe is dit gewoon nie waar nie. Veranderinge aan die Kerkorde moet deur 'n algemene sinode met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur word. Dit word vooraf gegaan deur 'n lang proses van konsultasie. Die 2023-agenda is lank voor die tyd gepubliseer. Alles was duidelik daaroor. Niks het stilletjies gebeur nie. Kerkrade word te klein en is nie meer in staat om te doen wat hulle moet nie en vra daarom die hulp van die ring. Waar daar twyfelagtige bestuurspraktyke is of oortredinge van die Kerkorde, kan 'n ring toetree en die orde herstel. Om te sê dat dit stilletjies gedoen is, is verdagmakery.

Nou is die vraag: Wie van Knoetze of Lubbe hou in liefde by die waarheid? Die enigste manier om uit te vind wat die waarheid is, is om in liefde met die ware feite na vore te kom. Is die aanbeveling vir die byvoeging van Artikel 22.3 in die agenda vir die vergadering opgeneem? Die antwoord is: Nee. Dit is in die addendum tot die agenda opgeneem wat slegs 'n maand voor die vergadering elektronies gepubliseer is. Die Reglement van Orde bepaal dat verslae van taakspanne, waaronder die Algemene Taakspan Regte (ATR), minstens drie maande voor die vergadering ingedien moet word.

Dringende sake wat binne die drie-maande-tydperk voor die vergadering voorkom en deur taakspanne behandel is, mag by wyse van addendumverslae, met verlof van die taakspan vir die agenda, ter tafel gelê word. Lubbe praat dus nie die waarheid as hy sê dat dit "lank voor die tyd" in die agenda gepubliseer is nie. In die verslag van die ATR word nie gesê of daar 'n opdrag tot die byvoeging van Artikel 22.3 gegee is nie. Daar is geen aanduiding van 'n "lang proses van konsultasie" nie. Veranderinge aan die Kerkorde geskied na deeglike studie. Dit het opsigtelik nie gebeur nie.

Kundige regsadvies sou sekerlik op die vraag geantwoord het of dit regtens moontlik is vir die orgaan van een regspersoon (ring) om die bestuur van 'n ander regspersoon (gemeente) oor te neem. En die antwoord sou "nee" gewees het. Daar is ook geen motivering vir die byvoeging gegee nie. Lubbe gee 'n interpretasie wat by Artikel 22.2 pas. Oortredinge van die Kerkorde, wat vir hom nou onder 22.3 pas, word ingevolge die Kerkorde by wyse van die kerklike tug hanteer, nie deur bestuursoorname nie. Die ATR se aanbeveling oor die byvoeging het onder druk om die agenda af te handel op die laaste sittingsdag gedien. Die ATR het vooraf aanbeveel dat daar nie afsonderlik oor elke wysiging gestem word nie, maar in geheel gestel word en met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur word. Dit het dan ook so gebeur. Alles is dus nie so duidelik daaroor, soos Lubbe beweer het nie.

Stil-stil beteken sonder om baie te praat of behoorlike deelname. Só is daar twee ander ingrypende wysigings aan die Reglement vir Hersiening (Revisie), Appèl, Beswaarskrif (Gravamen) en Prosedurele Beswaar by Algemene Sinode 2023 aangebring. Strydig met Artikel 23 van die Kerkorde kan slegs kerkvergaderinge nou 'n prosedurele beswaar by die Algemene Sinode indien. Artikel 23 praat nie eens van kerkvergaderinge se reg op appèl nie. Dit is "lidmate, ampsdraers en predikante" se ooreengekome prerogatief. Hierdie wysiging het ook by wyse van 'n laat-aanbeveling in die addendum tot die agenda geskied. Maar sonder enige vooraf aanbeveling en dus sonder enige kennis van revisie mag slegs 'n kerkvergadering of sy gevolmagtigde voortaan 'n gravamen by die Algemene Sinode indien. Hierdie allermins ooreengekome wysiging het geskied by wyse van 'n blote voorstel vanaf die vloer, nogal deur twee lede van die Algemene Taakspan Regte.

Knoetze praat dus die waarheid as hy sê dat daar stil-stil veranderinge aan die Kerkorde by Algemene Sinode 2023 aangebring is om dit al hoe moeiliker te maak vir behoudende lidmate, leraars en kerkrade om deur kerklike kanale beswaar te maak teen besluite van die Algemene Sinode wat in stryd is met die Woord en die Belydenisskrifte.
Is konstruktiewe gesprek enigsins moontlik as die kerkleiding, wat dit vroom versoek, nie self by die waarheid en orde hou nie? En hoe is dit moontlik wanneer dié wat in gebrokenheid nog huiwerend en beskaamd probeer om in liefde by die waarheid en orde te bly, op liefdelose, oneerlike en vervolgsugtige wyse as skeurmakers uitgemaak word, geminag word, tot stilswye gedwing word en berekend met nuwe kerklike bepalinge uit die weg geruim word?

Dr Johann Ernst is 'n voormalige aktuarius van die NG Kerk.

Hoor Siya se oproep!

Henrietta Klaasing van Randfontein skryf:
Siya Kolisi het 'n kragtige boodskap na die Springbokke se oorwinning oor die All Blacks afgesluit met die woorde dat SA 30 jaar van vryheid vier, maar dat ons volgende viering vir vroue moet wees wat vry is van geslagsgebaseerde geweld.

So gepas op die laaste dag van Augustus, Vrouemaand en met die wrede moord op Deveney Nel nog vars in die geheue! Die tempo waarteen vroue in hierdie land deur intieme maats vermoor word, is vyf keer hoër as die wêreldgemiddeld, met 'n vrou wat elke drie uur vermoor word. Daar word beraam dat meer as 40% van Suid-Afrikaanse vroue in hulle leeftyd verkrag sal word en dat slegs 1 uit 9 verkragtings aangemeld word. Daar word ook geraam dat slegs 14% van oortreders van verkragting in Suid-Afrika skuldig bevind word. Met 10 818 verkragtingsake wat in die eerste kwartaal van 2022 aangemeld is, word Suid-Afrika as die verkragtingshoofstad van die wêreld beskou.

Wat 'n skande! SA leiers, luister na Siya se pleidooi!

Kerk en staat stuur af op dooiepunt

Ds Pieter de Jager van Reddersburg skryf:
In 'n openhartige onderhoud met dr Frits Gaum, in *Kerkbode* (Kollig, 31/08), is onder meer weer die hofsaak van 2019 na vore gebring, wat hy en 11 ander teen die NG Kerk gewen het. Buite die kerk en buite die Bybel om, is daar by die hof steun gesoek om selfdegeslagverhoudinge meer toeganklik vir lidmate te maak.

Die apostel Paulus kon hom wel op die keiser beroep waar sy lewe op die spel was en ook die voortgang van die verkondiging van die evangelie bedreig is. Die owerheid is tog goddelik verordineer om die Woord te beskerm (Rom 13), maar 'n dubbele tragedie het die hofsaak van 2019 gekenmerk. Die kerkgroepie het op hulle eie insigte staatgemaak en God se duidelike bepalings verontagsaam. So het hulle in die hande van die staat gespeel, wat op basis van die grondwet, verdere onbybelse menseregte na vore gestoot en die gesag van die Skrif verdoesel het. Geen wonder nie, dat die moderamen van die Algemene Sinode, nie kon appelleer nie.

Kerk en staat stuur af op 'n dooiepunt waar daar geen wenner kan wees nie. Alleen maar kompromieë bly oor. Dan raak die swaard van God se magtige Woord stomp.



Hanekom wil verbeelding aanwakker rondom oplossings vir armoede

Ons kan uit die hok van armoede ontsnap
Deur Braam Hanekom
Uitgewer: Barnabas Uitgewers, 2024
Resensent: Scherlize van der Merwe

Die skrywer klink reeds in die titel van die boek oortuig van sy saak: *Ons kan uit die hok van armoede ontsnap*. Hy help dan lesers om hierdie "hok" te verstaan en moedig lesers aan om te leer hoe denke, lewe en reëls buite hierdie hok kan lyk. Die meeste mense worstel met die bestaan van armoede in Suid-Afrika. Daar word dikwels rondom braaivleisvure gesels en gekla oor die omvang van armoede en wat dit tot gevolg het. Die armoede voel so groot, dat dit bykans onmoontlik lyk om op te los. Ons hoor dikwels van jongmense wat juis om hierdie rede ons mooi land verruil vir "groener" weivelde.

Hierdie boek is ook 'n poging om lesers se verbeelding rondom die bydrae tot die oplossing van armoede aan te wakker. Hanekom maak dit duidelik dat ons nie armoede ooit sal kan uitwis nie, maar dit hoef ons nie te keer om 'n poging aan te wend om waardigheid terug te gee aan diegene wat niks meer oor het nie.

Hanekom plaas lesers in die skoene van dié wat vasgevang is in die hok van armoede, deur te beklemtoon hoe armoede bogenoemdes kan stroop van potensiaal en waardigheid. Hy verduidelik dan hoe dit die samelewing raak.

Verder word daar fokus geplaas op rolspelers wat 'n verskil kan maak in die ontsnapping uit die "hok van armoede": individue, die regering en natuurlik die kerk. Hanekom spandeer een hele hoofstuk om lesers te oortuig dat die kerk se hart nie by God kan wees en dan nie by die armes nie, want daar is hoop buite die "hok".

Hy skryf realisties dat die verligting van armoede nie 'n oornag verskynsel is nie, maar 'n verandering en toewyding aan kleiner take oor tyd wat eilande van hoop kan skep. Hy verwys ook na voorbeelde soos die onderwysstelsel, vroeëkinderontwikkeling, die ingrype van kerke, maatskaplike toelaes, kriminaliteit, misdaad en korrupsie.

Vir mense met 'n behoefte daaraan om armoede in ons land te verstaan en op 'n manier 'n bydrae wil maak, maar nie weet hoe nie, kan hierdie boek waardevol wees.

Beskikbaar by CLF.

Ds Scherlize van der Merwe is predikant van NG Gemeente Ysterplaat.



'n Vernuftige en wyd belese blik op genade

Grenselose genade
Deur Chris van der Merwe
Uitgewer: Penguin Random House, 2024
Resensent: Carli Fourie

Die opvallende andersheid van die woord "Grenseloos", eerder as "grensloos" in die titel van *Grenselose genade* dui op die verrykende leeservaring uit die taalkundige pen van prof Chris van der Merwe.

Bekende teologiese name wat jy in aanhalings en verwysings in hierdie boek sal raaklees, is onder andere Dietrich Bonhoeffer, CS Lewis, Jürgen Moltmann, Philip Yancey, Walter Brueggemann, Hans Küng en vele meer.

Van der Merwe se *Grenselose genade* slaag daarin om 'n ingewikkelde konsep soos genade op 'n relevante manier te verduidelik. Hierdie boek is daarom vir enigeen wat onbeantwoorde lewensvrae en geloofsvrae het, of wat wonder oor gewilde Bybelse konsepte.

Grenselose genade lig geloofshoogtepunte uit wat die leser opnuut opgewonde kan maak vir 'n lewe van betekenis. Van der Merwe gebruik sy taalvernuf en wyd belesendheid van verskeie temas om die grensoorskrydende aard van genade en hoe dit die lewens van individue en gemeenskappe positief kan beïnvloed te beklemtoon. In hierdie boek gebruik hy 'n kombinasie van persoonlike ervarings en breë sosiale insigte om 'n omvattende en aangrypende blik op die menslike toestand te bied.

Die boek is nie net 'n studie van genade as 'n teologiese konsep nie, maar ook 'n praktiese gids wat wys hoe hierdie beginsel in die alledaagse lewe toegepas kan word. Dit is 'n inspirerende boek wat die leser aanmoedig om die krag van genade te omhels, om 'n toegewyde deurleefde geloof in afhanklikheid van God te leef en dit bied hoop vir diegene wat met lewensuitdagings sukkel.

Beskikbaar by LAPA.

Ds Carli Fourie is 'n predikant by NG Montana in Pretoria.

Mensehandel: die wreedheid onder ons neus

Sy is veilig **deur Emma van der Walt**
Uitgewer: LUCA, 2024
Resensent: Rethie van Niekerk

Sy is veilig is nie 'n maklike lees nie. Die tema van mensehandel word kaalvuis aangepak en sal enige leser omkrap. Verder lees dit meer soos 'n praatjie, waar die skrywer wissel tussen anekdotes en inligting. Dit sou lesers gehelp het as die skrywer gekies het vir óf 'n meer gestruktureerde oordra van inligting – met staaltjies om dit te onderstreep, óf 'n oorkoepelende verhaal, dalk selfs 'n outobiografie wat haar betrokkenheid by die stryd teen mensehandel beskryf. Tog wonder 'n mens: Kan enige iemand bekostig om nie hierdie boek te lees nie? Emma van der Walt krap die waarheid van die wreedaardighede wat onder ons neus, in ons midde, in voorstede en agterplase aan die gang is, met byna tasbare passie oop. Die dringendheid is duidelik.

Tussen die verhale van spesifieke vroue en kinders kom die leser onder die indruk van die skrikwekkende omvang van mensehandel, veral in Suid-Afrika. Van der Walt help haar lesers om te verstaan hoe vroue in mensehandel vasgevang word, asook die manier waarop traumabinding, geweld, dreigemente en (dikwels gedwonge) dwelmafhanklikheid hulle in slawerny hou. Die verweefdheid van sekswerk met kriminaliteit en geweld teen vroue word duidelik blootgelê.

Die onderduimsheid van hierdie onderwêreld word ontstellend ontbloot wanneer daar gepraat word oor sogenaamde "sendelinge", of die manier waarop kerke gebruik word. Ook die aandadigheid van sekskopers word helder belig.

Een ding is seker: 'n Mens kan nie *Sy is veilig* lees en ooit weer onaangeraak wees as jy 'n sekswerker sien, by 'n bordeel verbyry, of selfs 'n dwelmafhanklike op die sypaadjie sien lê nie. Van der Walt se deernis is pynlik aansteeklik.

Sy is veilig bied ook prakties 'n aantal gebede, voorstelle vir betrokkenheid, asook skakels na hulpverleningsorganisasies, onder andere Van der Walt eie organisasie, Brave to Love (bravetolove.org).

Beskikbaar in beide Afrikaans en Engels by LAPA.

Ds Rethie van Niekerk is predikant by die NG Kerk Driehoek in Vanderbijlpark.

Stutterheim se Toringkerk

‘n Verhaal van vereniging ten spyte van taalgrense

Beweeg stadig en wees deeglik. Hou almal ingelig en wees eerlik, ook oor dit wat jy as leraar en die kerkleierskap nie weet nie. Leef 'n kultuur van 'ons', pleks van 'ons s'n' en 'julle s'n'. Dit is van die lesse wat hy en sy lidmate geleer het in die sowat vyf jaar wat ’n Afrikaanse NG gemeente en ’n Engelse Presbiteriaanse gemeente ’n pad saam loop om een gemeente te te word. So vertel ds Deon Strydom van die Stutterheim Verenigde Gemeente / United Congregation in die Oos-Kaap. **Heléne Meissenheimer** berig.

Stutterheim: Bosboudorp tussen die ou Ciskei en Transkei

Hierdie is ’n bedrywige dorp met vier of vyf saagmeule, ’n hoenderplaas en melkerye wat tel as groot werkverskaffers. Die munisipale bestuur is aan en af, soos ’n mens kan sien aan die paaie se slegte toestand en soms swak watertoevoer. So vertel André en Hanlie van Deventer, ’n afgetrede paartjie wat al 33 jaar woon in die skilderagtige dorp aan die voet van die Amatolaberge, naby die grens met die ou Ciskei.

Hier is ook ’n klomp klein kerkies. Heelwat van hulle leierskap dien op ’n ‘fraternal’ wat jaarliks met groot geestelike dae soos Lydensweek saam ekumeniese geleenthede aanbied. So lidmate uit verskillende kerke ken mekaar al is dit net van sien, sê Rina, Strydom se vrou en skoolhoof by ’n privaatskool op die dorp.

’n Mens beleef by hulle twee ’n sterk pragmatiese ingesteldheid. Deon (65) vertel hulle het die NG Kerk se ruim pastorie in drie of vier woonstelle opgedeel om dit uit te verhuur as ’n manier om hulle gemeente se inkomste aan te vul. Ook die kerk se saal en kerkgebou is oop vir gebruik deur almal van plaaslike kleuterskole tot die polisie – teen ’n klein bedrag. Hy hou ook sy lyf koster en in Covid-tyd het hy selfs ’n jaar lank skoolgehou toe die pandemie die kerk se finansies geknyp het.

Lyndon Hall (regs) met André van Deventer en Hanlie, sy vrou, langs hom.

Voor hulle so 15 jaar terug hier kom woon het, was hy onder meer gelyktydig leraar van drie VGK-gemeentes in die voormalige Transkei. Dié ervaring glo hy het hom baie gehelp in die afgelope proses van eenwording.

Twee gemeentes wat sonder leraar sou wees

Hy vertel dat hy en die Presbiteriane se leraar, rev Ian Hawkridge, mekaar hier leer ken het. “Al het ons in persoonlikhede baie van mekaar verskil, was ons op dieselfde bladsy, naamlik dat ons altwee gevoel het dit eer nie die Here dat daar soveel klein kerke is op ’n dorpie soos ons s’n nie,” vertel hy en noem dat hulle ook in 2012-13 saam ’n missionale MTh aan Stellenbosch gedoen het.

Hulle gemeentes se stories het ook ooreengestem. Altwee was ouerwordende gemeentes met dalende lidmaatgetalle en krimpende kinderbedienings. Nie een was meer in die vermoë om weer ’n voltydse predikant te kon beroep wanneer hulle huidige leraar binnekort sou aftree nie.

Strydom noem ook dat hulle NG gemeente ook by die plaaslike VGK asook ’n naburige NG gemeente met ’n vakante predikantspos navraag gedoen het of hulle sou belangstel in ’n samewerkingsooreenkoms maar die antwoord was nee.

In 2019 het die leierskap van Stutterheim se NG en Presbiteriaanse ge-

meentes toe saam besluit om ’n proses te begin met eenwording as einddoel. ’n Span het ook gaan kyk hoe werk ’n NG en Presbiteriaanse gemeente wat al vir 22 jaar ’n soortgelyke samewerkingsooreenkoms het op nog ’n Oos-Kaapse dorp, Bedford.

Tydens die Covid-pandemie het die proses ’n bietjie spoed verloor, maar in 2022, die jaar wat Hawkridge afgetree het, was daar nuwe erns om die gemeentes bymekaar uit te bring.

Strydom het in daardie jaar begin om afwisselend Engelse en Afrikaanse dienste te hou in die kerkgeboue van die twee gemeentes wat hulle herdoop het na Toringkerk (NG) en Houtkerk (Presbiteriaans). Hy en sy vrou het ook kort hierna hulle intrek geneem in die pastorie van die Presbiteriane, ’n gebaar wat veral die Engelse lidmate laat voel het hy is nou regtig ook hulle leraar. Soos Verity Nicholas, kerkraadslid en jarelange Engelse lidmaat dit stel, “suddenly he was right there next to our church, it made a great difference to our mindset”.

Die twee gemeentes het onder ’n nuwe naam, Stutterheim Verenigde Gemeente/ United Congregation, begin saamwerk as een gemeente met een WhatsApp-groep, een kerkkalender en een kerkraad.

Bewyse van sukses? Wat sê die mense?

Erediensbywoning klim stadig en wissel tussen 40 en 70 maar daar is vir die eerste keer in jare weer ’n Sondagskool. Die eens Afrikaanse NG Bybelstudiegroep by ’n plaaslike aftreeoord is ook nou ’n ekumeniese een wat deur dubbel soveel mense bygewoon word. Altwee gemeentes se barmhartigheidsbedieninge is verenig in ’n Care Group wat bekend is daarvoor dat hulle hart oop is vir die hele gemeenskap. Die twee gemeentes het ook al ’n paar keer saam basaar gehou wat ’n nuwigheid was vir die Engelse lidmate.

Beperkings van die projek?

Om in jou moedertaal te kan aanbid is iets wat vir baie gelowiges na aan die hart lê. Daar is dan ook sommige wat steeds net die dienste bywoon wat in hulle moedertaal is, maar die meeste lidmate is tevrede dat Strydom met elke diens sy preekteks in beide tale op ’n skerm wys. Soos Van Deventer opmerk, “as ’n mens met ’n oop gees en gemoed gaan, gaan die Here met jou praat”.

Daar word soms gesê dat ’n dominee te goed is. In hierdie geval hoor ’n mens by Engelse sowel as Afrikaanse lidmate onsekerheid of hulle nuwe leraar al die rolle wat Strydom met soveel toewyding en energie vervul sal volhou na laasgenoemde se beplande aftrede in Januarie 2026. By navraag sê Strydom dit is nie iets wat hom bekommer nie. Hy vertel hy is reeds besig om van sy take as Bybelstudieleier en koster te delegeer. Verder is hy ook al in gesprek met ds Danie Mouton van die sinodale kantoor om die gemeente volgende jaar te help met die opstel van ’n leraarsprofiel voor hulle beroep.

’n Ander teer puntjie blyk te wees die toekomstige gebruik van die historiese Houtkerk wat groot sentimentele waarde inhou vir van die Engelse lidmate. Strydom noem daar is ’n gevoel by sommige dat die Toringkerk vorentoe meer geskik sal wees vir erediense omdat dit groter is met ’n goed toegeruste saal en kombuis langsaan op ’n groot terrein. Hy meen egter dit is ’n besluit wat sou kon wag. Daar is egter geen dringendheid om hieroor te besluit nie, sê hy.

Dit het gewerk

’n Mens hoor by almal op die nuwe gesamentlike kerkraad groot waardering dat hy moeite geneem het om almal deurlopend ingelig en deel van die proses te hou. Strydom vertel dit was reg van die begin af vir hulle baie belangrik dat die proses deursigtig moes wees. “Ek het stadig beweeg om twee redes: ek wou niemand agterlaat nie en ek wou seker maak die proses word so deeglik moontlik deurgevoer,” vertel hy.

Dit het hy op verskillende maniere gedoen wat insluit die hou van gesamentlike werkswinkels vir altwee kerkrade, huisbesoeke, die skep van een gesamentlike WhatsApp-groep vir al die lidmate en die uitbring van een kerkkalender. Geleenthede is geskep waar mense goed saamdoen soos koffie drink na dienste, bring-en-deel-etes sommige Sondae asook die saamhou van die basaar.

Dit geld ook die keuse en aanbieding van musiek tydens eredienste. By die Engelse diens is daar kitaarbegeleiding en in die Afrikaanse diens word gesing saam met musiekvideo’s (hulle het al jare nie meer ’n orrelis nie). Strydom vertel hy sorg dat daar liedere uit beide tale tydens elke diens gesing word.

Wat ’n mens ook by altwee taalsprekers optel is ’n besef dat as hierdie eenwording nie gebeur het nie, het nie een van die twee gemeentes meer ’n kerk gehad nie. Soos jarelange Engelse lidmaat, Lyndon Hall, opmerk, “Dit is die bottomline,” met Van Deventer wat met hom saamstem en byvoeg: “Daarom is dit die beste ding wat kon gebeur.”

Ds Deon Strydom en sy vrou Rina saam met drie lede van die nuwe kerkraad (van links) Christa Koch, Verity Nicholas en Dawie Venter in die Houtkerk.

Raad aan ander gemeentes

Strydom het ’n verslag opgestel oor hulle gemeente se eenheidsproses wat hy ook vir *Kerkbode* beskikbaar gestel het. Hieruit ’n paar van die insigte wat hy uitlig:

> Beweeg teen die spoed van jou mense. Moet niks forseer nie. Praat eerder nog ’n keer saam en beweeg stadiger as om mense te verloor.
> Skep geleenthede waar mense goed saamdoen.
> Vier die verlede – moenie dit misken nie.
>Hou alle kommunikasie en besluite so deursigtig en gereeld as moontlik.
> Wees eerlik as leraar en kerkraad dat julle nie ‘eksperte’ is nie en dus by geleentheid dinge probeer met hierdie “work in progress” waaroor julle nie seker is nie.
> Roeping: praat gereeld saam rondom julle roeping as individuele gelowiges asook as gemeenskap van gelowiges op Stutterheim.

Die pad ná eenwording:

Nie altyd maklik nie, maar die moeite werd

HENDRIEN VAN VLIET

Van die deelnemers en aanbieders by vanjaar se Slypskool vir Skrywers. Foto: Le Roux Schoeman

’N Gemeente wat eintlik nie moet bestaan nie, en ’n dominee wat dalk nie lyk soos wat hy moet lyk nie …

Dit is die prentjie wat geskep word wanneer ’n mens gesels met ds Hennie van Rooyen, predikant van NG Gemeente Brixton. ’n Gemeente in die middestad van Johannesburg, in ’n area wat ’n maalpot is van diversiteit, wat wonderlike geleenthede bied. Maar dit is ook ’n area wat sukkel met misdaad en sekuriteit. Dit is ’n gemeente wat volgens al die voorspellings rondom demografiese skuiwe in die area, eintlik toe moet wees, deure gesluit en lidmate verdeel in buurgemeentes. In die area waar Brixton bedien, het vier gemeentes stuk vir stuk so opgeëindig. Vier gemeentes wat een geword het met Brixton-gemeente

Dit is ’n verhaal wat nie net Brixton raak nie, maar eintlik elke stad in Suid-Afrika. En elke middestadarea in Suid-Afrika het ook ’n verhaal van ’n gemeente wat dit tog nog op ’n manier maak werk. Vir Hennie was dit glad nie eens ’n vraag nie. Vir hom het dit uit en uit gegaan oor hoe ons die voetspoor van die kerk (in hierdie geval die NG Kerk) behou. Vandag is die gemeente nie net multikultureel nie, maar ook multinasionaal, wat mense verwelkom van Suid-Afrika, Zimbabwe, Malawi en selfs Colombia in Suid-Amerika. ’n Wye spektrum van ouderdomme voel ook welkom hier, van kinders en studente tot ouer mense.

Hennie se voorkoms wyk dalk af van stereotipes wat rondom dié van ’n middestadpredikant mag bestaan. Maar Hennie is Hennie. Vandag het hy ’n lekker paar Chino’s aan, blou hemp en sy kenmerkende blazer. Hy trek nog met elke nagmaal en doop sy toga aan, want dit is outentiek hy. En dit is vir hom van soveel groter waarde: om outentiek te bly teenoor homself, en ook teenoor sy mense. Hy meen dat kosmetiese verandering nooit werk nie, maar diepgaande, wesenlike hartsverandering doen soveel meer. ’n Mens kan nie anders as om net meer en meer te wil hoor hiervan nie, want in ’n era waar elke persoon nog ’n truuk of ’n kosmetiese “quick fix” probeer op tiktok of instagram, is dit verfrissend om te weet daar is iemand wat net homself probeer wees in ’n vinnig veranderende konteks.

Dit het ongelukkig nie sonder moeilikheid en seerkry gekom nie. Alhoewel die gemeente tans op ’n goeie plek is en Hennie elke keer ’n glinster in die oog kry as hy praat oor hoe dit ook sy plek is, was dit nie altyd so nie. Hennie het baie teenstand ervaar met die beginstadiums van sy unieke bediening. Hy pas nie noodwendig in die konvensionele “boksie” van dominee nie. Hy is ongetroud, het nie kinders nie, en woon al die tyd nog in Brixton. En toe hulle begin om mense van ander rasse, tale en denominasies te verwelkom by die gemeente, was daar ’n intense belewing van afwysing en verwerping, nie net van mense van ver nie, maar juis naby. Toe van die oudlidmate saam met Hennie begin beplan het oor hoe die pad moontlik vorentoe kan lyk in die laat 2000’s, was dit maklik. Maar toe dit in praktyk moet gebeur, was daar minder wat gebly het om die droom te bewaarheid. Hy het dit so sterk beleef dat hy begin vra het of hy en die gemeente die regte ding doen, want hy beleef teenstand van amper alle kante af.

“Ek het dit ervaar as *planning is easy, but when the tyre hits the tar, not everyone is in the car*.”

Ds Hennie van Rooyen in sy toga, tydens NG Kerk Brixton se Pinksterviering in Meimaand in samewerking met die Anglikaanse kerk. Foto geneem deur Diana Naude en oorspronklik gepubliseer op die gemeente se Facebookblad.

Hennie se belewenis van teenstand is nie so uniek soos wat ’n mens wil erken nie. In die NG Kerk en die ewig veranderende landskap van Suid-Afrika, sien ons al meer samewerking tussen buurgemeentes, en selfs nog meer so onder NG kerke en ander denominasies. Maar ons sien minder eenwording. Die navorsing wys vir ons iets daarvan. Volgens die 2018 predikantepaneelvraelys, uitgestuur aan predikante en gemeentes, was die aantal gemeentes wat samesmelting met buurgemeentes oorweeg ter oorlewing 40%. In 2022 daal daardie syfer na 12,5%. Wat hierdie syfer beteken is nie so duidelik nie. Beteken dit dat dié wat dit oorweeg het, dit reeds reggekry het? Het die dominee afgetree en is oorlewing nie meer ’n kwessie nie? Of het die entoesiasme van die betrokkenes dalk ook gedaal? Die antwoord is nie duidelik nie, maar dit is duidelik dat die afname merkwaardig is.

Daar is wel ’n beduidende skuif na ’n wyer verstaan van wat dit beteken om kerk te wees, en meer spesifiek, NG Kerk te wees binne ons verskillende konstekste. In die 2023 jongpredikantepaneel, het 52% aangedui dat die NG Kerk oor die volgende 20 jaar samewerking met buurgemeentes en ander denominasies sou hê. Dit is ’n teken van die veranderende konteks, ja, maar selfs meer so, dat daar mense is soos Hennie, wat nie wegskram om die moeilike pad aan te pak nie. En dat Brixton uiteindelik nie net ’n unieke, diverse gemeente sal wees nie, maar ’n voorganger vir mooi verhale van eenwording en inklusiwiteit oor grense heen.

Hierdie onderhoud is gevoer te Emseni, tydens 2024 se Kerkbode Slypskool vir Skrywers in samewerking met die Taakspan Navorsing van die Algemene Sinode.

Hierdie skrywe is gelewer as deel van Kerkbode se jaarlikse Slypskool vir Skrywers. Dié leergeleentheid word in samewerking met die Taakspan Navorsing aangebied.

’n ‘Clown’ vir die koninkryk

CHRIS DE VRIES



Doc Mabila

“Let’s all be stupid together.” Dít is Doc Mabila se lewensfilosofie (een van baie). Tydens die jaarlikse *Kerkbode* Slypskool in Augustus 2024, was Doc Mabila deel van ’n paneel ‘lewendige boeke’. Ware mense met ware stories. Ek het die geleentheid gehad om vir Doc te ‘lees’. Hier is ’n paar grepe vanuit sy merkwaardige verhaal:

“But why, Doc? Why did you choose to stop studying medicine in your 4th year? What or who convinced you to pursue ministry above life as a doctor, or as a soccer star?”

Doc se antwoord: God. En hoe meer ek verdere verduideliking soek, bly dit die eenvoud van sy antwoord. God. Want God het my gevra …

Jesus spesialiseer daarin om die status quo van sy dag (en ons s’n) op sy kop te draai. Doc se lewe beeld die ingrypendheid en diepte van hierdie ‘op-sy-kop-draai’ uit.

Hy vertel van homself – Hy is die kind van twee plaasarbeiders. Sy ma en pa lewe steeds in Tzaneen. Beide sy ouers het op ’n lemoenplaas gewerk. “I learned everything through oranges,” sê hy. “For maths, I counted oranges. For self-care products, like body lotion, we used oranges. To flavour our pap, we squeezed orange juice into it as part of our breakfast.” Dit gee ’n prentjie aan die woord “armoede”, wat ek sukkel om uit my kop te kry. Die armoedesiklus. ’n Swaarkrybegin, vir ’n man wat groot goed doen. Hy kan nou nie ’n lemoen verdra nie, lag hy.

Ten spyte van die feit dat hy ongeveer 25 km skool toe moes stap, was Doc ’n uitblinker in akademie. In die hoërskool presteer hy in sokker. Hy het selfs ’n beurs losgespeel. Hy het keuring gekry om medies te swot.

In sy vierdejaar, sê drie geestelike mentors op verskillende geleenthede vir hom dat hy moet onthou om terug te gaan. Gaan help in die *townships*. “Back to your grassroots.” Die armstes van die armes. Wees en weduwee. Toe ’n Amerikaanse prediker in sy tuisgemeente weer vanuit nêrens vir hom hierdie soortgelyke roeping bevestig, het Doc genoeg gehoor. Hy het radikaal geluister.

Hy stop sy mediese studies net daar in sy vierdejaar. Hy gee sy sokkerbeurs op. Hy was byna op pad na die nasionale span. Hy is ernstig oor wat God van hom vra. “Let’s all be stupid together,” kom sy frase weer by my op. Doc laat toe dat God die status quo van wat belangrik is in sy lewe, op sy kop draai.

’n *Clown* vir die koninkryk. ‘God’s fool’. Amper soos St Franciskus van Assisi. Ek sien hoe Doc ’n hofnar is – wat die ernstige lewenspeletjie oor wat belangrik is, bevraagteken en uitdaag. Sy uitbundige lag as hy sy storie vertel, beaam dit. Hierdie man het vrygekom van ’n klomp goed. God het hom geroep en gewys wat waarde het. En dit is wat hy lewe.

Op hierdie reis maak God hom samaritaan en brugbouer.

Hy help wit voorstedelike gemeentes deur Betereinders (NRO) om blootstelling te kry aan mense buite hulle konteks. Wit kerkmense kry die geleentheid om ander (ook kerk) mense in hulle konteks te sien. Regtig te SIEN. Die mens binne in die rou armoede in informele nedersettings, en die mens in Fontainebleau Gemeenskapskerk, kyk mekaar in die oë. Jaarliks, op 16 Desember, trek Doc en Betereinders laer – in ’n *township*. En nooi almal in – om sokker met die mooi van die lewe te speel.

Ons het sulke brugbouers nodig. “Dit weet ons,” bevestig Taakspan Navorsing. En gelukkig, al klink dit na ’n klein getal, is gemeentes besig om hierdie waarheid te snap. Tot 7% van gemeentes het ’n betaalde persoon wat daarmee getaak is om ons oor grense te help. Daar is sekerlik baie meer onbetaalde persone, wie se hart ook vir hierdie saak brand. Ons is eenders, al is ons anders.

Die Predikantepaneel 2020 in Covidtyd wys vir ons dat gemeentes besonders bereid is om te help. Tot 96% van gemeentes het projekte tydens die pandemie gehad om mense in hulle gemeenskap by te staan. Na Covid plat dit egter weer af. Hoekom?

Lees ander Slypskoolgangers se stories by kerkbode.co.za

Chris de Vries is tentmaker by Heuwelsig Gemeente in Bloemfontein. Hy hou van ‘mense op die grense’. Probeer op soek wees na God in alles en almal. Sy reisgenote is sy vrou, hulle drie kinders, sy BFN geloofsgemeentskap, die breër Echo Gemeenskap, en ’n klomp ander malleriges.

wonder ek. Oordat ons nie na genoeg aan mekaar se nood lewe nie? Die guru’s praat baie oor “the power of proximity”.

Ons het mense soos Doc nodig. Ouens wat mense met lag en intensie saamneem oor grense wat ons moeilik vanuit eie inisiatief kruis. Die nood het nie na Covid verander nie. Ons “proximity” tot die nood het verander. Daar het afstand gekom.

Vandag lewe 18 346 840 mense (kyk hier) in Suid-Afrika in ekstreme armoede. Dit is byna 30% van die totale samelewing. 1 uit 3 persone. Die nood was nog nooit so groot nie. Ons het *clowns* nodig, wat in die gesig van ons krom sisteme lag en dans en ons uitdaag om nuut te dink.

“Let us do stupid things together.”

“It is because I am lonely, that I go out and make family from strangers,” sê Doc.

Matteus 12:47-50 het vir hom diep persoonlike betekenis:

[47] Iemand het vir Hom gesê: “Kyk, u moeder en broers staan buite en wil met U praat.” [48] Maar Hy het die een wat dit vir Hom gesê het, geantwoord: “Wie is my moeder en wie is my broers?” [49] Toe het Hy sy hand na sy dissipels uitgesteek met die woorde: “Kyk, hier is my moeder en my broers. [50] Want elkeen wat die wil doen van my Vader in die hemele, dié is my broer en suster en moeder.”

Is dit nie die essensie van geloofsgemeenskap nie? Doc lag. Ons moet klaarmaak, sê hy. Hy moet nou ’n meisie in Limpopo gaan haal en haar na ’n skoonheidskompetisie in Durban neem. Haar en haar hele gesin. Dit sal hulle eerste keer by die see wees. En hy lag!

“Here, gee ons meer Samaritaan-brugbouer *clowns* soos Doc,” dink ek toe hy wegstap.

St Franciskus leer ons hierdie gebed: Neem en ontvang, o Here, al my vryheid. Ontvang terug my hele geheue, al my verstaan en eie wil. Wat ek ook al het, kom uit u hand. Ek gee dit terug in u hand, en lê alles in totaliteit neer. Gebruik en bestuur dit alles, Here, soos wat U wil. Gee my net die gawe om U lief te hê – net hierdie een genade vra ek. Dit is, werklik, genoeg vir my.

Die grootste geskenk wat ek ontvang het vanuit Doc as mense-boek, is om hierdie gebed in aksie te sien.

Hierdie skrywe is gelewer as deel van Kerkbode se jaarlikse Slypskool vir Skrywers. Dié leergeleentheid word in samewerking met die Taakspan Navorsing aangebied.

Bekering tot leerbaarheid

Meer as 120 afgevaardigdes en sprekers het op Dinsdag 17 September ingeval by die eerste dag van vanjaar se Lentekonferensie by Universiteitsoord, Pretoria, wat tot 19 September geduur het. Dit gaan oor 'n bekering tot leerbaarheid, het dr Tom Smith, die nuwe hoof van Excelsus, in sy openingswoord gesê. "Mag hierdie week 'n spasie van groei wees, as volgelinge van Jesus," het Smith gesê. Sessies deur ds Jan Lubbe en dr Nioma Venter het gevolg op 'n welkomwoord deur prof Rantoa Letšosa, dekaan van die Fakulteit van Teologie en Religie by die Universiteit van Pretoria.
Lees meer hier: lentekonferensie.co.za
Hou www.kerkbode.co.za dop vir berigte oor die sessies. Foto's: Le Roux Schoeman

NG GEMEENTE MARGATE

Eer aan God

1974-2024

Vakature: Voltyds-onbepaalde termynpos (Medeleraarspos)

Sluitingsdatum: 11 November 2024.

Margate-gemeente, met 1 057 lidmate, is geleë langs die Suidkus van KwaZulu-Natal. Ons leuse is: MARGATE LEEF VIR CHRISTUS. Die gemeente het twee bedieningspunte, nl op Margate en Port Edward en sluit afgetredenes sowel as werkende gesinne in.

Leraarsprofiel: Die posvereistes sluit die primêre funksie van die predikant in, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.
Die predikant wat beroep word, is lief vir die Here en kan sy of haar geloof goed uitdruk.
Die geskikte aansoeker moet 'n passie vir familie- en gesinsbediening, skolebediening sowel as 'n besondere aanvoeling vir senior lidmate hê.
'n Missionale ingesteldheid sal 'n sterk aanbeveling wees.
Die vermoë om in spanverband te funksioneer is 'n vereiste.
Persone, verkieslik nie ouer as 45 jaar nie, sal voorkeur kry.

Vergoedingspakket: Volgens sinodale skaal. Gratis behuising in pastorie.

CV: Stuur asb 'n volledige CV met twee onlangse referente aan na:
Die saakgelastigde, ngmargate@mweb.co.za. Aansoeke moet nie vier bladsye oorskry nie.

Navrae: Ds Lerisa Meyer by 082 525 3664.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak uit die beskikbare aansoeke nie.

Teologiese navorsing: Missionale rentmeesterskap

Dit begin by 'n droom wat groter as die begroting is

Die meeste van ons dink finansies en rentmeesterskap gaan net oor boekhou, begrotings en die bestuur van geld, maar wat as dit eintlik veel dieper gaan? **Dawie Theron** skryf hieroor in sy MTh-tesis met die titel: "Missional stewardship". Dit is 'n studie van hoe missionale rentmeesterskap 'n nuwe lens kan wees waardeur ons die kerk se rol in die gemeenskap sien – een wat nie bloot gaan oor geld nie, maar oor 'n groter droom, 'n roeping wat ons almal deel van die huishouding van God maak. **Doret Niemandt** vind meer uit.

Theron vertel dat hy in die tagtigerjare sy loopbaan in rekeningkunde begin het. Dit was logies om op daardie pad te bly, maar daar was 'n aanhoudende roeping, 'n stem wat nie wou stilbly nie – die behoefte om ook teologie te gaan studeer. Dit klink dalk na 'n vreemde kombinasie, maar vir Theron het hierdie twee wêrelde, finansies en geloof, al hoe meer begin lyk soos twee kante van dieselfde munt. Hy het deur hierdie reis ontdek dat die finansiële aspekte van die kerk nie afgesonder moet staan nie, maar 'n integrale deel van ons geloofsroeping is.

So, wat is rentmeesterskap? Dalk dink jy dadelik aan die finansies van die kerk, maar dit is nie waar dit begin of eindig nie. Rentmeesterskap kom van die Griekse woord oikos af, wat "huishouding" beteken. Dit sluit alles in wat by die versorging van 'n huis kom, nie net geld nie. Paulus stel dit duidelik: Ons is almal deel van God se huishouding, en ons roeping is om hierdie huishouding hier op aarde op te pas.

Wanneer jy aan jou eie huishouding dink, gaan dit tog oor meer as net geld. Dit gaan oor liefde, versorging, verhoudings, ondersteuning – dinge wat nie met geld gemeet kan word nie. Op dieselfde manier moet die kerk nie net oor finansies dink nie. Ja, geld is belangrik, maar dit is net 'n klein deel van wat die kerk moet doen. Wanneer finansies die hoofonderwerp in die kerk word, is dit dikwels 'n teken dat alles nie pluis is nie.

Missionale rentmeesterskap vat hierdie idee verder, vertel Theron. Dit gaan oor die huishouding van die kerk, maar ook oor hoe die kerk in die gemeenskap dien. Die kerk is nie net daar vir sy eie lidmate nie, maar ook vir die gemeenskap – die skool, die kinderhuis, die aftree-oord. Dit is God se missie vir sy kerk: om nie net intern gefokus te wees nie, maar om ook die wêreld buite die kerkgebou se mure te transformeer.

Een groot inspirasie in hierdie verband is die werk van Andrew Murray jr, wat in die 1870's in Wellington groot dinge vermag het. Onder sy leiding het die NG Kerk betrokke geraak by vroue-onderwys, sendingopleiding en die oprigting van ouetehuise en kinderhuise. En dit het alles gebeur in 'n tyd toe die ekonomie glad nie gunstig was nie. Daar was nie altyd fondse nie, maar die gemeente het groter as hulle begroting gedroom, en God het voorsien. Wat hulle gedoen het, het nie net die kerk bevoordeel nie, maar ook die gemeenskap getransformeer.

Theron verwys ook na die finansies van die NG Kerk Wellington deur die geskiedenis, daar is baie wat ons kan leer. In moeilike tye, soos tydens die Anglo-Boereoorlog, het die gemeente se dankoffers nie afgeneem nie, dit het gestyg! Hierdie verhale getuig van 'n gemeente wat op groot droom, eerder as op die kleingeld gefokus het. Wanneer lidmate glo dat hulle drome 'n verskil kan maak en hulle uit hulle gemaksones tree, dan begin dinge verander.

Dit is hierdie transformerende denke wat Theron hoop gemeentes vandag kan omhels. Dit gaan nie net oor die vraag: "Hoe verhoog ons ons inkomste?" nie. Dit gaan oor: "Hoe leef ons ons roeping in die wêreld uit?" En wanneer gemeentes met daardie droom werk, gebeur daar wonderlike dinge. Mense word bemagtig, nie net finansieel nie, maar ook deur betekenisvolle projekte wat lewens verander. Dink aan 'n koffiewinkel in die kerksaal waar senior lidmate mekaar ondersteun, of 'n kwekery op die kerkgronde wat werk skep en die ekologie ondersteun. Dit gaan nie oor 'n lysie maatreëls wat gevolg moet word nie.

Elke gemeente is uniek en moet sy eie pad vind. Dit begin by die vraag: "Wie is ons? Waar is ons gesetel? Hoe kan ons deel wees van die verandering wat God in ons gemeenskap wil bring?" Wanneer 'n gemeente begin droom oor hoe hulle gemeenskap verander kan word, kom die finansies vanself reg, vertel Theron. Dit was so deur die kerk se geskiedenis, en dit kan weer so wees.

Die konsep van missionale rentmeesterskap is dus nie net 'n strategie vir finansiële oorlewing nie. Dit is 'n kultuurverskuiwing in die kerk. Dit gaan oor die idee dat elke lidmaat, van die dominee tot die besigste sakeman, 'n aandeel het in die sukses van die gemeente. Wanneer ons almal ons roeping as rentmeesters van God se huishouding verstaan, begin dinge verander.

So, wat nou? Wat van jou gemeente? Miskien voel jy dat julle sukkel om die begroting te laat klop, of miskien is julle vasgevang in die "kerkstrukture". Maar onthou, dit begin nie by finansies nie – dit begin by 'n droom. 'n Droom wat groter is as die begroting. 'n Droom om God se hande en voete in die wêreld te wees.

Dr Doret Niemand is predikant by die NG Gemeente Valleisig.
Ds Dawie Theron is as tentmakerleraar gekoppel aan die NG Gemeente Wellington.

Hierdie skrywe word aangebied in samewerking en met ondersteuning van die Taakspan vir Teologiese Navorsing (Wes-Kaap).

Terug na die toekoms

Mylpale om te vier uit die geskiedenis van die NG Kerk

JOHAN VAN DER MERWE

September is Erfenismaand – dit is nou as onthou word dat 24 September Erfenisdag en nie net Braaidag is nie. In 'n sekere sin is die verwording van Erfenisdag na Braaidag simbolies van wat vir baie hulle erfenis geword het. In Suid-Afrika word wit Afrikaanssprekende mense mos gereeld herinner aan apartheid – asof dit die enigste deel van ons nalatenskap in hierdie land is. Die NG Kerk ly ook daaronder en soms daaraan. Dit is die een gebeure uit die geskiedenis wat net nie vergeet mag word nie. Niemand wil ontken dat dit sleg was en in sommige gevalle selfs boos was nie, maar dit is nie die NG Kerk se enigste nalatenskap nie. Daar is baie meer as dit.

Dink vir 'n oomblik aan die sendingwerk van die NG Kerk oor meer as 300 jaar. 'n Kerkleier uit Nigerië kom sê onlangs dankie vir wat die NG Kerk daar gedoen het, en in Malawi, Zambië, Zimbabwe, Mosambiek, Angola, Kenia, Namibië en sou hou die lys aan en aan.

Dink vir 'n oomblik aan die opheffingswerk onder al die bevolkingsgroepe na die tweede Suid-Afrikaanse oorlog van 1899-1902 en die stryd teen armoede en werkloosheid.

Dink vir 'n oomblik aan wat dit die NG Kerk gekos het om in 1986 te erken dat dit 'n fout was om die politieke model van apartheid teologies te regverdig.

Dink vir 'n oomblik aan die trane wat by die Rustenburgberaad in 1990 gevloei het na die belydenis van prof Willie Jonker.

Dink vir 'n oomblik aan die vergifnis en versoening by die Algemene Sinode van 1994 wat nie sonder rede as die Sinode van Versoening onthou word nie.

Dink vir 'n oomblik aan die gebeure in Oos-Londen in November 1997 toe die NG Kerk braaf genoeg was om by die kerkedag van die Waarheids-en-versoeningskommissie (WVK) op te daag.

Dink vir 'n oomblik aan 'n kerk wat bely dat sy deur God Drie-enig geroep is om deel te neem aan die missie van God in die wêreld, dat sy deur die Heilige Gees opgebou word om God se eer te dien en om die bediening van versoening en die heil van Christus te verkondig.

Dink vir 'n oomblik aan 'n kerk wat meer as 1 miljard rand per jaar aan barmhartigheid bestee.

Dink vir 'n oomblik aan 'n kerk waar baie gemeentes steeds oases van hoop en lewe en genesing is in 'n gebreekte, gekaapte Suid-Afrika.

Miskien is die lig dan veel helderder as die donker. Miskien is dit waarom die NG Kerk na 372 jaar steeds voortstry hier aan die suidpunt van Afrika. Miskien hoef ons dan nie te braai om ons erfenis te vergeet nie, maar moet ons juis die vreugdevure aansteek om te onthou!

Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en is 'n voormalige aktuarius van die NG Kerk.

Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za

BEROEP
Ds MMD (Marius) Britz van Griekwastad na Nuwerus; ds A (Alex) Clark van Op-die-Berg na Ceres; dr SJ (Stephan) Naudé van Newtonpark na Doornkloof; ds T (Tertius) Naudé van Meerensee na Noordkus; ds R (Rheinier) Nel van Barkly-Oos na Bethulie; ds DP (Dirk) Oosthuizen vroeër van Suidpunt na Namakwaland (Springbok); dr R (Roelf) Opperman van Groenkloof na Riviera-Jakaranda; ds GM (Gerhard) Pietersen van Helderberg na Heidelberg (Wes-Kaap); ds DSM (Dini) Smit van Tuinrand na Mootvallei; ds FJ (Fritz) Snyman van Universiteitsoord na Lynnwood; ds JPM (Kobus) Stapelberg van Humansdorp na Parkkruin; dr JHF (Johan) Taute van Lux Mundi na Ventersdorp; ds Chris van der Merwe van Hopefield na Philadelphia.
AANVAAR
Ds C (Carli) Benadé van kerksondermure (Centurion) na Andrew Murray (Johannesburg); prop K (Karin) Botes as diensleraar na Tamboerskloof; prop CA (Adolf) Groenewald as diensleraar na Bergville; ds BE (Brits) Janse van Rensburg van Harare na Vredenburg; ds B (Bernice) Koekemoer van Kimberley-Vooruitsig na Sesmylspruit; prop N (Neels) Loots na Warrenton; ds C (Christo) Nel van Riebeeckstad na Wesselsbron; ds R (Rheinier) Nel van Barkly-Oos na Bethulie; dr R (Roelf) Opperman van Groenkloof na Riviera-Jakaranda; ds SJ (Fanie) Schoeman van Augrabies na Askham-Noenieput; dr JHF (Johan) Taute van Lux Mundi na Ventersdorp; prop dr MJ (Matthi) Theron as diensleraar na Die Vleie.

WES-KAAPLAND

BEROEP
Op 'n buitengewone kerkraadsvergadering gehou op 21 Augustus 2024, het die kerkraad van die NG Gemeente Namakwaland vir ds Dirk Petrus Oosthuizen beroep. (Mareleze Scheepers, saakgelastigde: Springbok, 23.08.2024).
Die NG Gemeente Heidelberg, Wes-Kaap het op die kerkraadsvergadering van 15 Augustus 2024 vir ds Gerhard Pietersen van die NG Kerk Helderberg beroep. (Riana van der Merwe, skriba: NG Kerk Helderberg, 27.08.2024).

Ds Chris van der Merwe van die NG Kerk Hopefield is beroep na die NG Kerk Philadelphia. (Annamart Agenbag, skriba, 29.08.2024).
Hiermee gee NG Gemeente Nuwerus kennis dat, tydens 'n kerkraadsvergadering gehou 9 September 2024, die kerkraad besluit het om ds Marius Britz van NG Gemeente Griekwastad te beroep. (Anne-Maré Mostert, skriba/kassier, 09.09.2024).
Die NG Kerk Ceres het ds Alex Clark van Op-Die-Berg Gemeente beroep op Maandagaand 16 September 2024 se spesiale kerkraadsvergadering. (Lucia Brand, skriba: NG Kerk Ceres, 17.09.2024).
BEVESTIGING
Prop dr Matthi Theron is op 7 Julie 2024 beroep as diensleraar na NG Gemeente Die Vleie. Hy het die beroep aanvaar en is bevestig op Sondag 8 Augustus 2024. (Rinette Ferreira, skriba, 22.08.2024).
Prop Karin Botes het die beroep met opdrag Jeug as diensleraar (deeltydse kontrakpos vir een jaar) na die gemeente Tamboerskloof aanvaar. Sy word op Sondag, 8 September om 10:00 in haar amp bevestig. Ringsleraars en belangstellendes is welkom om dit by te woon. (Adres: Bo-Uniestraat 17, Tamboerskloof 8001). (Ds Hendrik Scott, leraar van gemeente Tamboerskloof, 29.08.2024).
Ds BE (Brits) Janse van Rensburg van NG Gemeente Harare is op 25 Augustus 2024 bevestig as leraar van die NG Gemeente Vredenburg. Ds JM (Jurie) van Zyl het die bevestiging waargeneem. (Suselna Theart, skriba: Vredenburg-gemeente, 03.06.2024).
BEDANKING
Die kerkraad van NG Gemeente Vredenburg het die bedanking ontvang van dr MM (Thys) du Toit, aangesien hy en sy gesin aan die begin van November verhuis na Kanada. Hy ontvang sy Akte van Demissie by bedanking, gedateer 31 Oktober 2024, op 20 Oktober tydens sy afskeidspreek. (Suselna Theart, administratiewe beampte: NG Gemeente Vredenburg, 06.09.2024).
INTREEPREEK
Ds Armando Le Roy Fraenkel, voorheen van NG Gemeente Umhlanga, lewer sy intreepreek by NG Gemeente Worcester-Oos op Sondag, 6 Oktober 2024 om 09:30. (Lana Brand, skriba: Worcester-Oos, 10.09.2024).
EMERITAAT
Ds Dennis Benjamin Douglas lewer sy afskeidspreek op Sondag, 27 Oktober 2021 en emeriteer op 31 Oktober 2024 by NG Worcester-Oos. (Lana Brand, skriba: Worcester-Oos, 10.09.2024).
RINGSITTING
Die Ring van Swellendam se 150ste ringsvergadering het op Sondag 8 September 2024 te NG Kerk McGregor plaasgevind. (Ds JJ du Preez, ringskriba: Ring van Swellendam, 26.08.2024).
Die Ring van Clanwilliam het vir 'n gewone ringsitting vergader op 15 en 16 September 2024 te Strandfontein. (Ds John Holtzhausen, ringskriba, 09.09.2024).

OOS-KAAP

BEVESTIGING
Ds Rheinier Nel van Barkly-Oos is op 'n kerkraadvergadering op 11 Junie 2014 na die NG gemeente Bethulie beroep. Hy het die beroep aanvaar en sy bevestiging vind DV op 14 September 2024 by NG Gemeente Bethulie plaas. (JA (Arnold) Griesel, Grootzuurfontein, 23.08.2024).

NOORD-KAAPLAND

BEVESTIGING
Ds Stephanus Johannes (Fanie) Schoeman van Augrabies het die beroep aangeneem na Askham-Noenieput. Sy bevestiging vind plaas DV op 3 November. Alle belangstellendes welkom. (Elna Theron, skriba; NG Kerk Upington-Oos, 04.09.2024).
Hiermee word kennis gegee van die aanvaarding van die beroep na en bevestiging met handoplegging van prop Neels Loots in die NG Kerk Warrenton, in die Ring van Warrenton, op 1 September 2024 tydens die erediens. Die bevestiging is waargeneem deur ds Heinrich Viljoen van Kathu. (Ds Corne Burger, ringskriba: ring van Warrenton, 17.09.2024).

KWAZULU-NATAL

BEROEP
Die kerkraad van die NG Gemeente Noordkus (Ballito Gesinskerk) het op sy vergadering van 28 Augustus 2024, vir ds Tertius Naude van die NG Gemeente Meerensee beroep. (Leonie Spangenberg, skriba: NG Gemeente Noordkus (Ballito Gesinskerk), 02.09.2024).
BEVESTIGING
Prop Coenraad Adolf Groenewald is op 1 September 2024 as voltydse diensleraar bevestig by die NG Gemeente Bergville. (Marcelia Mouton, saakgelastigde: NG Gemeente Bergville, 02.09.2024).

VRYSTAAT

AANVAAR
Ds Christoffel Nel van Riebeeckstad het die beroep aanvaar na NG Gemeente Wesselsbron. (Adri Marx, gemeentekoördineerder, 09.09.2024).
BEVESTIGING
Die kerkrade van Jagersfontein en Fauresmith wil net onder u aandag bring dat dr Gretha Heymans amptelik die 1ste Oktober 2024 as leraar begin vir die twee gemeentes. Haar bevestiging sal Sondagoggend, 6 Oktober 2024 om 10:00 te NG Kerk Fauresmith plaasvind. (Hannelie Sweeney, saakgelastigde: NG Kerk Fauresmith, 10.09.2024).

GOUDLAND

BEVESTIGING
Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 18 Junie 2024 het die kerkraad van NG Gemeente Ventersdorp vir dr Johan Hendrik Frederick Taute beroep in 'n vastetermynpos as leraar. Hy word bevestig DV op 01 September 2024. (Irma van der Walt, saakgelastigde: NG Gemeente Ventersdorp, 23.08.2024).

MIEDERPARK GEMEENTE POTCHEFSTROOM
(Dolerend)

VAKATURE VOLTYDSE LERAAR

Miederpark-gemeente (geleë in Potchefstroom) is 'n geloofsfamilie wat begeer om in 'n innige verhouding met God te wandel. Vervul met die Heilige Gees is ons "draers van Hoop in Christus!". Ons wil 'n verskil maak in ons gemeenskap.

Ons integreer gebed met alles wat ons doen. Ons rus mekaar toe met suiwer Bybelse waarhede as fondasie vir ons geloofsgroei. Ons deel ons getuienis met vreugde. Ons reik graag deur omgeeliefde uit.

Ons gemeente het 710 belydende en 162 dooplidmate en word bedien deur een predikant. Hierdie pos sal deur die suksesvolle kandidaat gevul word.

Predikantsprofiel:
Die geskikte kandidaat moet 'n besonderse passie en talent vir prediking en toerusting van lidmate hê. Hy/sy moet aan die volgende vereistes voldoen:
1. Pligte van Artikel 9 soos uiteengesit in die Kerkorde, nakom.
2. 'n Besonderse passie vir suiwer Woordverkondiging hê, met genoegsame ervaring.
3. Moet lidmate kreatief kan toerus om dissipels in 'n veranderde wêreld te wees en moet 'n sterk sendingvisie en barmhartigheidshart hê.
4. Sterk gawe vir verhoudingsbou hê en die instrumente van huisbesoek en pastorale begeleiding kundig benut. Goeie menseverhoudings, aanpasbaarheid, toeganklikheid en bou van sterk verhoudings is vir ons baie belangrik.
5. Sterk leierseienskappe en moet goed in 'n span kan saamwerk.
6. Moet gemeenskapswerk en uitdra van die evangelie bevorder.
7. Moet ons seniorburgers met omgeeliefde versorg.
8. Moet jeugleiers toerus en jeugbediening bevorder.

Vergoeding en voordele sal volgens sinodale riglyne vir voltydse predikante aangebied word.
Verblyf: Ruim pastorie is beskikbaar indien benodig.

Enige gelegitimeerdes kan aansoek doen.
Aansoeke sluit **2 Oktober 2024** om 12 uur die middag.
Indien jy geroepe voel na Miederpark Gemeente, Potchefstroom, stuur asb die onderstaande aan kantoor@mgemeente.co.za met die opskrif van die epos: "Vakante Leraarspos".
1. 'n Voltooide voorgeskrewe aansoekvorm moet u aansoek vergesel. Dit is verkrygbaar by ons kerkkantoor of kan afgelaai word by die volgende webadres: www.mgemeente.co.za.
2. 'n Dokument wat jou gawes, talente, passie en vorige werkservaring beskryf.
3. 'n Dokument wat jou verhouding met God, jou Skrifverstaan en persoonlike getuienis en belydenis bevat.
   - Kandidate wat die kortlys haal, moet vir onderhoude en prediking beskikbaar wees in Potchefstroom. Die gemeente bestuur behou die reg voor om sonder opgaaf van redes die pos nie te vul nie .
   - Deur 'n aansoek in te dien gee die kandidaat sy/haar toestemming aan die gemeente bestuur om van die inligting vervat in die CV en dokumente, die bepalings van die POPIA-wetgewing aan te wend. Alle inligting sal andersins vertroulik hanteer word.
   - Die gemeente bestuur behou die reg voor om verdere inligting oor die aansoeker in te win.
   - Diensaanvaarding: 10 Januarie 2025.

Vir navrae kan u kontak:
Des Humpel, sel: 082 370 2869 - gemeentebestuurder.
Ds Willem Louw, sel: 082 340 7549 - leraar.

NG GEMEENTE WATERBERG

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

NG Waterberg is vir 164 jaar al op ’n geloofsreis in afhanklikheid van die Here se leiding, sorg en teenwoordigheid. Die ryk geskiedenis van die gemeente en die kerkgebou laat ons lidmate met ’n verantwoordelikheid om, met entoesiasme, op sy koninkrykswerk voort te bou en deur ons, sigbaar te hou. Ons is nie hier ter wille van onsself nie, maar om in die Here se diens te staan.
“Waar die stroom kom, sal alles lewe” (Eseg.47:9c). Ons wil met hierdie vaste wete, die genade en liefde wat ons nog elke dag ontvang, na ander weerkaats. Ons reik dus ook uit na ander.

Ten einde ons drome vir ons gemeente en gemeenskap te help verwesenlik, het ons tans ’n leraar nodig – iemand:

- wat sy afhanklikheid van die Here uitleef,
- wat leiding kan neem,
- wat die beplanning van nuwe moontlikhede vir groei in Christen- en gemeentewees kan doen en in staat is om mense hierin te laat saamloop,
- wat ’n aanvoeling vir senior lidmate en hulle besondere behoeftes het
- wat die Woord Skrifgebonde verkondig,
- wat in spanverband kan werk en goeie menseverhoudings kan bou,
- wat huisbesoek as middel gebruik om gemeentelede te ondersteun, te motiveer en entoesiasme te kweek,
- wat rekenaargeletterd is en vaardig is in die gebruik van tegnologie in die erediens en
- wat nie op water hoef te loop nie, maar wat ’n aardse herder is om vir ons te lei tot dankbare verwondering.

NG Waterberg is:

- ’n Plattelandse gemeente met ’n eie, unieke samestelling. Inwoners van twee aftree-oorde in die dorp maak ’n groot deel van ons lidmaattal uit. Dit beteken dat ons sterk klem lê op seniorbegeleiding.
- ’n Gemeente met 675 lidmate en 35 dooplidmate saamgestel uit dorp- en plaaswyke
- Deel van die Ring van Waterberg wat besig is om in kombinasie met ’n groep NG gemeentes te tree.
- Die eienaar van ’n ruim pastorie op die kerkterrein.
- Nog steeds op ’n geloofsreis. Ons vertrou die Here ten volle en maak staat op sy beloftes
- Meelewend en ons betrokkenheid word deur verskillende diensrade uitgeleef
- ’n Feesvierende gemeente. Deelname aan ons tradisionele Dankofferfees is een van die hoogtepunte waar ons blydskap en dankbaarheid uitgestal word.

Stuur aansoeke aan: ngwaterberg@nylstroom.co.za
Van aansoekers sal verwag word om ’n toepaslike vraelys te voltooi wat by die kerkkantoor aangevra kan word.
Aansoeke moet ook die volgende insluit:

- Motivering wat aandui waarom u vir die pos geskik is.
- Curriculum Vitae met foto.
- Kontakbesonderhede van drie referente.
- ’n Skakel (link) tot, of opname van, enige van u vorige preke.

Onderhandeling vir totale pakket sal plaasvind met sinodale riglyne as basis. Aansoekers wat op ons kortlys geplaas word, sal genooi word vir ’n onderhoud in Modimolle.

Navrae:
Me Vivienne van der Merwe. Tel: 014 717 3897. Kantoorure: Ma-Vr: 07:15 – 12:30.
Ds Charl Bredell (waarnemende leraar) charl.bredell@gmail.com 082 469 2499.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 11 Oktober 2024.
Diensaanvaarding: 1 Februarie 2025 (indien moontlik).

Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG KERK QUELLERINA, ROODEPOORT

VAKATURE: MEDELERAARSPOS (voltyds, onbepaalde termyn)

GEMEENTEPROFIEL
NG Kerk Quellerina is geleë langs die N1 aan die Wes-Rand met die kerkgebou in Langelaan 81, Florida Glen. Die 859 belydende lidmate en 239 dooplidmate is eweredig versprei oor alle ouderdomme en ±70% woon buite die gemeentegrense, verspreid oor die Wes-Rand. Die gemeenteleuse is: Gaan groot met LEWE (Liefde, Egtheid, Warmte en Entoesiasme) en beskryf ons roeping om God se liefde wyer te laat groei.

LERAARSPROFIEL
Die kerkraad nooi gelegitimeerdes en diensleraar om aansoek te doen om as bedienaar van die Woord te wees, en die volgende eienskappe en take uit te leef. Die kerkraad besef dat sulke doelwitte slegs met menslikheid en deur die genade uitgeleef kan word, en die kerkraad koester nie onrealistiese verwagtinge nie.

1. Artikel 9 van die Kerkorde as geheel, in besonder die vertrekpunt dat die persoon ’n opregte volgeling van Christus is met integriteit en volwassenheid.
2. As prioriteite geld veral effektiewe prediking, goeie mensvaardighede, voldoende leiers- en bestuursvaardighede, en met ’n passie vir gemeentegroei.
3. In spanverband gaan die aansoeker, saam met die geheelbediening, fokus op jeugbediening.
4. Verkieslik moet die aansoeker jonger as 45 jaar wees, met toepaslike ervaring.

VERGOEDING
1. Vergoedingspakket neem as basis die sinodale riglyne.
2. ’n Huistoelaag word verskaf vir eie behuising.

AANSOEKE
1. Aansoeke moet vergesel word van ’n onlangse CV met kontakinligting van minstens drie referente. Dit moet gerig word aan die gemeentebestuurder: bestuurder@quellerina.co.za / /quellerinagemeente@gmail.com
2. Verder moet aansoekers ’n vraelys aanvra by dieselfde adres en inhandig saam met die aansoek. Stuur ook asb ’n kort (maks vier minute) video-opname van enige optrede sodat ons jou beter in persoon kan leer ken (dit hoef geensins professioneel gemaak te wees nie).
3. Die kerkraad behou ook die reg voor om self aansoekers te nooi, verdere relevante inligting te versamel, waaronder professionele persoonlikheidstoetsing, en verdere navraag by ander relevante persone te doen.
4. Die kerkraad sal ook ’n persoonlike onderhoud reël en na ’n preek luister van persone op ’n finale kortlys.
5. Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling te maak nie en verdere aansoeke te werf.

SLUITINGSDATUM VAN AANSOEKE en DIENSAANVAARDING
Aansoeke sluit **15 Oktober 2024.** Die teikendatum vir diensaanvaarding is 15 Januarie 2025.
Navrae kan gerig word aan Luane Jelliman (gemeentebestuurder, 011 477 7198/084 406 7055).

NG KERK HEIDELBERG WES-KAAP

VAKATURE: VOLTYDSE MEDELERAARSPOS

Ons het in ons onderskeiding hieroor diep geluister na God en mense in ons gemeente en gemeenskap.

Ons is geïnteresseerd in wie jy is en waarmee jy ons kan help om op die reis te gaan om God se wil vir hierdie gemeente te ontdek en te realiseer.

Ons gemeente is ’n gemeente met 1 000 lidmate met twee bedieningspunte. Heidelberg is ’n innoverende landbougemeenskap en Witsand is ’n kusdorp.

Vergoeding is volgens sinodale skaal tot maksimum vlak 12 met ’n pastorie ingesluit in die pakket. Voorkeur ouderdom tot en met 50 jaar.

Vir navrae kontak gerus Nico Steyn – 083 226 3091.

Aansoeke moet teen **15 November 2024** gestuur word na: nicosteyn603@gmail.com
Aansoeke moet ’n volledige CV en drie referente insluit.

Diensaanvaarding voor of teen 1 April 2025.

Die Kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NOORDELIKE
BEROEP
Hiermee gee die kerkraad kennis dat ds Dini Smit beroep is na die NG Gemeente Mootvallei as deeltydse permanente predikant. (Ann Trollip, kantoorbestuurder, 29.08.2024).
Hiermee gee Lynnwood NG Gemeente kennis dat ds Fritz Snyman van NG Universiteitsoord tydens ’n kerkraadsvergadering gehou op 16 September 2024 as medeleraar beroep is. (Nicole Wilson, finansiële en administratiewe beampte: Lynnwood NG Gemeente, 17.09.2024).
BEVESTIGING
Op 15 Augustus het die NG Gemeente Riviera-Jakaranda vir dr Roelf Opperman as brugleraar beroep. Hy het intussen die beroep aanvaar, en word op 15 September 2024 bevestig. Die bevestiging word waargeneem deur ds Paul Grobler, direkteur – Noordelike Sinode. (Ds Jeandré Slabbert, voorsitter: Ring van Sentraal Moot, 28.08.2024).
Ds Bernice Koekemoer het die beroep na NG Gemeente Sesmylspruit aanvaar. Haar dienstydperk begin DV op 1 Oktober 2024, bevestiging op 6 Oktober 2024 en haar intreepreek is 13 Oktober 2024. (Johan van Zyl, gemeentebestuurder, 26.08.2024).
Ds Derick du Toit van NG Villieria emeriteer op 31 Oktober 2024. Op 3 Junie het die NG Gemeente Villieria vir hom beroep in ’n drie jaar kontrakpos wat hy intussen

Besoek **kerkbode.co.za** *vir meer amptelike nuus*

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.

NG BOKSBURGPARK

VAKATURE: LERAAR

Voltydse vastetermyn leraarspos (drie jaar)

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van bedienaar van die Woord.

Gemeenteprofiel:
NG Kerk Boksburgpark is geleë in Boksburg, deel van die Oosrand van Gauteng.
Lidmaattal: ongeveer 160 lidmate (doop en belydend). 90 gesinshoofde.
Die gemeente vorm deel van die Ring van Boksburg.

Kandidaat:
Die kerkraad het besluit om nie 'n vereiste te stel ten opsigte van die kandidaat se diensjare en ondervinding nie, maar sal alle aansoeke oorweeg. Van die kandidaat sal verwag word om die gemeente te bedien in alle fasette van die gemeentewerk soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.

Die volgende vereistes is van besondere belang vir die kerkraad:
- 'n Sterk gereformeerde teologiese uitkyk met besondere klem op die suiwerheid van die leer soos verwoord in die kerk se belydenisskrifte.
- 'n Passie vir die bediening van die Woord in alle fasette van die gemeentewerk.
- Entoesiasme vir die opbou van die gemeente deur persoonlike kontak met lidmate, pastoraat en huisbesoek.

Vergoeding:
Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met die sinodale skaal en ander voordele en riglyne as basis.

Aansoeke:
- Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV, twee onlangse getuigskrifte sowel as die name van minstens vier referente.
  U is welkom om 'n onlangs geneemde profielfoto in te sluit.
- **Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Oktober 2024.**
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud indien daartoe versoek.
  Zoom-onderhoude kan gedoen word indien nodig.

Stuur aansoeke aan:
Die Voorsitter, Diensverhoudingekommissie: kerkkantoor@ngkboksburgpark.co.za

Navrae:
Dr Marius Gertzen (konsulent) – sel: 083 235 6201.
Francois Scholtz (voorsitter van die diensverhoudingekommissie) – sel: 072 270 3850
Kerkkantoor: 011 896 2211.

NG GEMEENTE QUEENSWOOD

VAKATURE: VOLTYDSE MEDELERAAR

Sluitingsdatum: 15 Oktober 2024.

Gemeenteprofiel:
NG Gemeente Queenswood, met 'n lidmaattal van 863 lidmate, is geleë in 'n gevestigde middelklas woonbuurt in die Mootarea van Pretoria. Die demografie van Queenswood en ander woonbuurte, het die afgelope 30 jaar stelselmatig verander. Die gemeente bedien heelwat ouer persone en daar is vyf tehuise vir ouerwordende persone binne die gemeentegrense. Die gemeente is 'n gestuurde gemeente en wil graag 'n verskil maak in die omgewing. Ook is die gemeente besig om nuut te dink rondom 'n Engelstalige multikulturele bediening, parallel aan die huidige bediening.
Die gemeente se webtuiste, www.ngkqueenswood.co.za, kan geraadpleeg word vir meer inligting.

Leraarsprofiel:
- Die persoon moet lief wees vir die Here en 'n passie hê vir die lewe en bediening.
- Hy/sy moet jonk en goed tweetalig (Afrikaans en Engels) wees en goed oor die weg kom met jonk en oud.
- Selfstandig kan werk en aksies inisieër.
- Goeie sosialemediavaardighede hê.
- 'n Belangstelling in kerkplanting sal 'n aanbeveling wees. Die persoon moet die parallelle bediening, Queenswood Christian Community, verder ontwikkel.
- 'n Persoon wat gelegitimeer is, maar finale jaar teologiese studente kan ook aansoek doen.

Pligte: Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.

Vergoeding en voordele:
- Skaal 1 van sinodale riglyn.
- Huissubsidie, reistoelae, selfoontoelae.

Aansoek:
- 'n Curriculum Vitae (CV) met twee referente.
- 'n Vraelys wat op aanvraag by die kerkkantoor beskikbaar is.
- Aansoekers mag moontlik gevra word vir 'n preekbeurt.

Diensaanvaarding: 1 Januarie 2025.

Navrae:
- Ds Karel Albrecht (leraar) - 083 607 9726 / karel.albrecht@gmail.com
- Me Anneli Roux (saakgelastigde) - 012 333 1797 / saakgelastigdengkq@gmail.com
- Dr Eddie Harvey (leier ouderling) - 072 599 8298 / ewharvey@lantic.net

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG GEMEENTE MAKWASSIE

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

In biddende afhanklikheid van die Here, nooi die kerkraad gelegitimeerde leraars wat geroepe voel tot die bediening in Makwassie, om aansoek te doen.

Gemeenteprofiel: Makwassie is 'n klein plattelandse dorp in die Noordwes-provinsie. Die gemeente bestaan hoofsaaklik uit boerderybedrywighede. Die gemeente het sowat 235 belydende en 43 dooplidmate. 'n Groot aantal lidmate is bo 60 jaar. Die gemeente het ses dorpswyke en drie plaaswyke, en is finansieel selfstandig. Wolmaransstad (±13 km) het 'n goeie laer- en hoërskool, en bied goeie koopgerief, terwyl Klerksdorp (±100 km) 'n groot winkelsentrum en goeie hospitale het.

Leraarsprofiel: 'n Leraar met 'n lewende en persoonlike verhouding met God Drie-enig.
Saam met die pligte van Artikel 9 in die Kerkorde, is huisbesoek en ander kontak met lidmate belangrik.
Iemand wat lief is vir mense, en wat insig toon vir die plattelandse boerderygemeenskap se unieke uitdagings.
Vertroud wees met vernuwende tegnologie en sosiale media as bedieningshulpmiddels.

Vergoeding: Onderhandelbaar.

Verblyf: Ruim pastorie beskikbaar.

Aansoeke: Stuur asseblief u aansoek, 'n tersaaklike CV en kontakbesonderhede van twee referente.
Noem u besondere gawes en hoe u dit in die bediening aanwend. Motiveer kortliks waarom u geroepe voel vir die bediening op die platteland.
Onderhoude mag met kandidate gevoer word. Alle inligting sal vertroulik hanteer word.
Met die stuur van die CV gee u toestemming dat u inligting volgens die bepalings van die POPIA-wetgewing aangewend kan word.
Stuur asseblief u aansoek na die e-posadres: ngmakwassie@lantic.net

Diensaanvaarding: 1 Maart 2025 of so gou moontlik daarna.

Sluitingsdatum: 25 Oktober 2024.

Navrae: Johann Theunissen (leierouderling) 082 856 0489.
Sarel Kok (leierdiaken) 083 409 4757.
Ds Nico Roux (Leraar) 082 376 0966.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG KERK VRYHEID SUID-OOS

Vakature: Voltydse leraar

Die gemeente Vryheid Suid-Oos is 'n klein plattelandse gemeente in die noorde van KZN in die mooi dorp Vryheid met 440 belydende lidmate en 156 dooplidmate. Ons is twee NG gemeentes op die dorp. Ons gemeenskap beskik oor uitstekende skole en mediese dienste.

Leraarsprofiel: Ons wil graag hê dat die leraar wat beroep word na Vryheid Suid-Oos die volgende eienskappe sal openbaar:
1. 'n Lewende, persoonlike verhouding met God Drie-enig.
2. Mooi verhoudinge kan bou, alle mense met respek en liefde hanteer en die evangelie deur woord en daad verkondig.
3. Goeie interpersoonlike vaardighede toon en gemaklik in spanverband funksioneer.
4. 'n Hart vir die aktiewe bediening op die platteland met die doel om 'n verskil te maak in ons wyer gemeenskap.
5. 'n Evangeliese hart en missionêre gerigtheid.

Werksprofiel:
1. Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.
2. Geestelike leiding van die gemeente om die Here met oorgawe te aanbid.
3. Dinamiese en aktuele prediking met 'n klem op lof en aanbidding.
4. Betrokkenheid by jeug- en gesinsbediening.
5. Pastorale ondersteuning aan die gemeente en gemeenskap.
6. Betrokkenheid by die gemeenskap, veral by skole.
7. Gereelde huisbesoek en toerusting van lidmate is 'n prioriteit.

Vergoeding en voordele: Sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word met in agneming van sinodale riglyne. Gratis huisvesting in 'n pastorie word voorsien.

Belangstellendes moet die volgende elektroniese aan ons voorsien by :
E-pos: ngsuidoos@gmail.com.
1. Aansoeke bestaan uit 'n dekbrief en 'n volledige CV. Vertel ons in die dekbrief iets meer oor jou lewensreis, asook aspekte soos: jou roepingsverhaal, jou bedieningservaring, wat jou motiveer, areas waar jy nog moet groei, en hoe jy konflik hanteer.
2. Kontakbesonderhede van vier referente.

Sluitingsdatum: 10 Oktober 2024.

Gemeente hou die reg om nie 'n aanstelling uit die aansoekers te maak nie.

NG KIMBERLEY-VOORUITSIG

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

Sluitingsdatum: Vrydag 18 Oktober 2024.

Die NG Kerk Kimberley-Vooruitsig is besig om voor te berei om iemand te beroep vir hierdie pos wat op 30 September 2024 vakant raak.

Gemeenteprofiel

- Kimberley-Vooruitsig is ’n gemeente in Kimberley in die Noord-Kaap provinsie en is deel van die sinode in Noord-Kaapland.
- Die gemeente bestaan uit 600 belydende lidmate en 107 dooplidmate. (Daar is twee tehuise vir bejaardes binne die gemeentegrense, asook twee groot hoërskole met koshuise en ’n laerskool.)
- Kimberley-Vooruitsig is ’n gereformeerde kerk wat gesteld is op Skrifgetroue prediking.
- Die gemeente is tot en met die vertrek van sy voltydse leraar deur haar bedien. ’n Aflos-predikant sal tot en met die bevestiging van ’n nuwe leraar in die gemeente werksaam wees.
- Die gemeente se visie is: *“Ons is die Here s’n*”.

Leraarsprofiel

Die gemeente soek na en bid vir:

- ’n Skrifgetroue prediker wat in die gereformeerde tradisie staan en die liturgie kreatief aanwend om van elke erediens ’n lewende Godsontmoeting te maak.
- ’n Lerende ouderling wat ’n aktiewe rol sal speel in die bemagtiging van die gemeente (Artikel 9: “die opbou van die gemeente, onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk, die gemeente se dienswerk in die wêreld, leiding en organisering van die gemeente”) ten opsigte van die bediening van alle ouderdomsgroepe in lyn met die gemeente se waardes. (Dit kan in ’n aansoeker se guns tel indien hy/sy ’n bevestigde leraar is met ten minste drie jaar ondervinding in gemeentelike bediening. Leerbare proponente sowel as kwalifiserende emeriti sal egter ook oorweeg word).

Vergoeding

- Die totale koste van indiensneming (TKVI), insluitend behuising, is onderhandelbaar met die kerkraad volgens die riglyne van die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) in oorleg met Algemene Taakspan Fondse en Bates (ATFB).
- ’n Behuisingstoelaag word voorsien aangesien die gemeente nie oor ’n pastorie beskik nie.

Aansoeke

Indien u die Here se roepstem in hierdie pos hoor, stuur vir ons:

- ’n Dekbrief waarin u.
  1. Uself kortliks bekendstel.
  2. Duidelik aandui hoe en waarom u uself tuisvind binne die raamwerk van bostaande leraarsprofiel.
- ’n Volledige Curriculum Vitae (elektronies), insluitend drie referente met volledige kontakbesonderhede. (Deur die indiening van hulle CV’s, gee kandidate toestemming dat die inligting soos vervat in hulle CV, onderworpe aan die terme en bepalings van die POPIA-wetgewing (Protection of Personal Information Act) deur die NG Kerk Kimberley-Vooruitsig vir kerklike doeleindes asook vir die beroepingsproses gebruik kan word.)
- Geselekteerde kandidate moet beskikbaar wees vir ’n onderhoud.
- Aansoekers sal ingelig word of hulle genooi gaan word vir ’n onderhoud.
- Aansoeke moet na die volgende adres gestuur word: skriba.ngkvooruitsig@gmail.com

Sluitingsdatum: Vrydag 18 Oktober 2024.

Diensaanvaarding: Die datum sal met die suksesvolle kandidaat bevestig word.

Navrae

- Voorsitter: Christie Noeth, 083 708 7199, christie@dvfnettech.co.za
- Skriba: Lynette Strydom, 053 861 1849, skriba.ngkvooruitsig@gmail.com Kantoorure: Maandag tot Vrydag, 08:00-13:00.
- Konsulent: Dr Lukas M Basson, 082 822 8215, lukasbasson10@gmail.com

Teologiese studente in hulle finale jaar is welkom om navraag te doen.
Die gemeente hou hom die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

hugenote kollege

REKTOR

WELLINGTON

Die Hugenote Kollege te Wellington is ’n private Christelike naskoolse opleidingsinstelling wat spesialiseer in die opleiding van predikante, leiers in kerklike bediening, asook professionele persone in die maatskaplike welsynsektor. Die Kollege het ’n Christelike karakter en missionale roeping, en werk nou saam met die NG Kerk, VG Kerk, United Congregational Church en die Calvyn Protestantse Kerk.

Die huidige rektor tree af (einde April 2025) en aansoeke van dinamiese persone om hierdie uitdagende pos vanaf 1 April 2025 te vul, word ingewag.

Die ideale kandidaat voldoen aan die volgende vereistes:

- Toepaslike nagraadse kwalifikasie (doktorsgraad dien as aanbeveling) in Geesteswetenskappe, Teologie en/of Maatskaplike Werk.
- 5-10 jaar toepaslike ondervinding in ’n soortgelyke uitvoerende bestuursrol, verkieslik in die akademiese (Hoër Onderwys) omgewing.
- Professionele kennis en insig met betrekking tot die strategiese en operasionele funksionering van sake-ondernemings.
- Uitsonderlike vlak van visioenêre leierskap, emosionele intelligensie en interpersoonlike vaardighede.
- Ervaring en insig met betrekking tot die kerklike en sosiale omgewing.
- Goeie werkskennis / ervaring van toepaslike wetgewing, strukture en beste praktyke / metodiek van onderwys en opleiding (Hoër Onderwys en VOO).
- Goed-ontwikkelde onderhandelings- en fasiliteringsvaardighede.
- Bewese administratiewe vaardighede (bestuur van IT, Finansies en MHB).
- Gebalanseerde Christelike teologie, waardesisteem en lewensbeskouing.
- ’n Gesindheid van goedhartigheid, deernis en dienende leierskap.

Die suksesvolle posbekleër sal verantwoordelikheid neem vir die volgende funksies:

- Strategiese leierskap en bestuur.
- Akademiese leiding (insluitend opvoedkunde, leervorming en programbestuur).
- Oorhoofse bestuur van kursusse/programme en dienste.
- Strategiese menslikehulpbronbestuur.
- Bemarking en openbare skakeling.
- Finansiële bestuur (oorsig).
- Inligtingstegnologie, infrastruktuur, geboue en bates.
- Risikobestuur en verslagdoening.
- Administratiewe bestuur.

Om aansoek te doen, registreer asb. u aansoek by:
https://www.ditto.jobs/job-details?id=2453286158

VAKANSIE-AKKOMMODASIE

PRETORIA

DE GOEDE HOOP-KOSHUIS, bied studente behuising by die Universiteit van Pretoria asook vir studente wat studeer by ander tersiêre opleidingsentrums. Doen aansoek op ons webblad **https://degoedehoop.co.za/doen-aansoek/** of skakel **079 500 7500** of stuur ‘n e-pos na **admin@tukiestate.co.za**

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693. hanliedevilliers@webmail.co.za**

UVONGO

Selfsorgwoonstel. Pragtige seeuitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779.
Webblad: www.grietseplek.com

DURBANVILLE (KAAP)

SELFSORG AKKOMMODASIE

Ten volle toegerustes, selfsorg woonstelle. Slaapgedeelte met 2 x 3/4 beddens en dubbel slaapbank, En suite badkamer. Kombuis. Eethoekie. Skuifdeur na braai-patio en swembad. Veilige parkering, sekuriteitkameras. DSTV en WiFi. Absoluut billike tariewe.
Vir Foto’s en meer inligting kontak mev Van Niekerk: 083 645 5858

JEFFREYSBAAI

SANDKASTEEL

2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

KONTAK ONS

Teken in op *Kerkbode:* Viona Ross
Tel 021 864 8278, E-pos: vionatydskrifte.co.za.
Besoek **www.kerkbode.co.za**

Redaksie:
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur:
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Uitvoerende joernalis:
Heléne Meissenheimer
E-pos: helene@bmedia.co.za

Proefleser:
Lambert Jacobs

Projekkoördineerder
Maryke Hansen
E-pos: maryke@bmedia.co.za

Advertensies en vakatures:
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos:
woes@mweb.co.za
Medewerker
Mercial Adonis
madonis@bmedia.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:
E-pos:
kerkbode@tydskrifte.co.za

Die volgende uitgawe van *Kerkbode* verskyn op 25 Oktober 2024

Oud-polisievrou wat nou op die kansel staan vertel haar storie

‘Ek was ’n agterbanker in die kerk …’

“Toe ons by die gemeente gekom het, het ek heel agter gesit in die kerk en ek het gesê jy sal my nooit voor kry nie. Nou is ek op die preekstoel en ek lei die voorsang.”

Só vertel Thea Wait en glimlag dan skaam van onder haar kort blonde *no frills* kapsel. Niks aansit by hierdie 49-jarige boorling van die Karoo in haar wit hoodie top en tekkies nie.

Die ma van twee vertel haar nuwe selfvertroue om Sondae voor in die kerk te staan in plaas van heel agter te sit, is grootliks te danke aan twee goed wat in die laaste vyf jaar in haar lewe gebeur het. Sy het na 26 jaar bedank by die polisie en sy het ’n aanlynkursus in preek- en erediensvaardighede gedoen.



Foto: Heléne Meissenheimer

’n Eerste vir Ring van Cradock

Thea is een van drie lidmate uit die klein Oos-Kaapse NG Gemeente Tarkastad wat Hugenote Kollege se bedienaarskursus in 2022 suksesvol voltooi het.

Sy en twee boervroue, Cornette van Heerden en Elorina du Plessis, het so die eerste lidmate in die Ring van Cradock geword wat dié kwalifikasie behaal. Die ring het agt plattelandse gemeentes waarvan net drie nog voltydse predikante het en twee glad nie een nie.

Sy vertel dié groepie studente het dit gedoen as ’n manier om hulle gemeente te help wat ook nie meer ’n voltydse leraar kan bekostig nie. Daar was selfs op ’n punt sprake van deure toemaak.

Siende dat Tarkastad se gemeente die eerste met bedienaars in hierdie deel van die Oos-Kaap is, wou *Kerkbode* meer uitvind oor hoe dit in die praktyk uitspeel en so gebeur dit dat ek onlangs op ’n reënerige Maandagoggend meer as 300 km vanuit Gqeberha ry, verby ontelbaar baie vragmotors, tot op hierdie dorp wat heelweek so stil soos ’n Sondagmiddag lyk.

Thea wag my in by die deur van hulle gemeente se Moedersaal. Die ander wag binne na ’n lang dag van vergadering hou saam met afgevaardigdes uit hulle ring.

Na ’n vinnige besoek aan hulle pragtige klipkerk wat in 1882 ingewy is vind ek en Thea tyd vir ’n rustige gesels in die ruim pastorie wat sy deel met haar twee tienerseuns Ethan (19) en Dylan (16). Toe vertel sy haar storie.

Thea se storie

“Ek is gebore op Middelburg, die een so 60 km van hier af,” begin sy. Na skool het sy haar man Irvin in die polisiediens ontmoet. Sy was ’n administratiewe klerk en dolgelukkig in haar werk.

Hulle gesin het in 2009 na Tarkastad getrek toe haar man ’n pos gekry het op Komani (voorheen Queenstown) wat so 60 km oos langs die R61 is van daar af. Hulle het gekies om op Tarkastad te bly waar sy toe ’n administratiewe pos by die polisie gehad het. Die gesin het by die gemeente ingeskakel maar was nie betrokke nie. Hulle het agter gesit en was eerste by die deur uit, vertel sy.

Irvin is ’n kaptein in die polisie en werk deesdae op Gqeberha. Hulle sien mekaar een keer per maand wanneer hy kom kuier. Dylan is in sy laaste skooljaar by ’n Christelike privaatskool op die dorp en hulle wou hom dus nie nou skuif nie.

Stel jy dalk belang?

Toe begin dinge vir haar sleg raak by die werk, soveel so dat sy in 2020, Covid-epidemie ten spyt, besluit sy kan nie anders nie – sy moet bedank. Die kerk het ’n skriba nodig gehad en sy ’n werk. Kort hierna het dit gebeur dat ds André Oosthuizen, die afgetrede dominee wat toe by hulle gemeente uitgehelp het, gevra het of daar lidmate is wat belangstel om die bedienaarkursus te doen.

Dit was ’n lewensveranderende ervaring. Cornette het vroeër die middag vertel sy het soveel nuwe dinge oor die Bybel geleer terwyl Elorina genoem het hoeveel sy dit geniet om vakansietye ’n boodskap by die ouetehuis te kan bring.

“Dit is so intiem,” het sy gesê en ook met trots die fotomuur in hulle Moedersaal gewys. Hier word hulle gemeente se sowat 162 jaar van bestaan treffend met foto’s en kort stukkies teks uitgebeeld.

Vir Thea is wat vir haar uitstaan die geestelike groei wat sy ervaar.

Die drie se geestelike mentor is ds Riaan Vlok, ’n afgetrede leraar wat begin vanjaar op kontrak by hulle gemeente begin werk het. Hy is so dankbaar vir hierdie span bedienaars. Hy het gesê: “Dit beteken vir my as leraar baie dat die gemeente nie alleen gelaat word wanneer ek nie hier kan wees nie.”

Cornette is besig met verdere opleiding in berading terwyl Elorina in barmhartigheidswerk belangstel. Twee Sondae elke maand is dit een van hulle of Thea wat preek.

Praat met wie wél daar is

Die drie vroue het vertel daar is waardering vir wat hulle vir die gemeente doen, maar ook soms kritiek. Hulle hoor soms nog dat die kansel nie ’n plek is vir vroue nie. “Dit is nie altyd maanskyn en rose nie,” vertel een.

Thea het vertel sy was een Sondag so mismoedig toe sy sien hoe min mense in die kerk is dat sy die Here gevra het of sy hoegenaamd moet aanhou. Toe hoor sy Hom in haar binneste vir haar sê: “Jy is nie daar om te praat met wie nie daar is nie, maar met wie daar is”. Later die middag het ’n tannie gebel uit die ouetehuis na wie hulle kwartaaltye die preke lewendig uitsaai. Sy het vertel hoeveel Thea se boodskap vir haar beteken het. “Toe kry ek weer nuwe moed om aan te gaan,” glimlag sy.

‘Nou verstaan ek’

Een van die dinge wat Thea ook later vertel is dat hulle graag jonger gesinne wil help om meer welkom te voel in die kerk. Haar jongste is tans die enigste katkisant en sy is die een wat vir hom klasgee. Sy het daarom altyd ’n kindermoment in haar boodskap, selfs al is daar nie kinders nie. Iets wat sy sê die oumense ook geniet.

Intussen het sy begin om Grieks te leer, want sy hoop om uiteindelik ’n MTh-graad in teologie te voltooi. Haar teologiese studies pas sy in tussen haar pligte as bedienaar en dié van bedieningskoördineerder wat insluit beide die pligte van ’n skriba en ’n koster.

Kyk sy terug, sê Thea dat sy nie wat sy nou doen, ooit weer sal verruil vir polisiewerk nie.

“Ek is glad nie spyt nie. Nou verstaan ek hoekom die situasie by die werk so moeilik moes raak dat ek bedank het, want as dit nie gebeur het nie, was ek nie waar ek nou is nie. Ek lê partykeer in die bed en dink oor waar ek nou is.” Sy bly ’n bietjie stil en sê dan sag, “die Here het ander paaie as ons, nê?”